



CHASA

BEKWAAMHEIDSTOETS

LESINGS

Indeks

Lesing	Bladsy
1. Diere-identifikasie - André v d Merwe	3 - 7
2. Jag - etiek - Danwilh Ingram	8
3. Oorlewing - André v d Merwe	9 - 15
4. Noodhulp - Dr. Hannes Botha & Dr. Jan Celliers	16 - 24
5. Spoorsny - Karl Osmer	25 - 26
6. Trofeehantering - Nico van Rooyen	27 - 42
7. SA Meetmetode	43 – 54
8. Ballistieke - Abel Botha	55 - 62

Lesing 1

DIERE-IDENTIFIKASIE ONDERSKEID TUSSEN WILD SOORTE

Opgestel deur: André van der Merwe

Witrenoster 1. Groter 2. Prominente skof 3. Kop groter en langer 4. Plat bek 5. Liggrys 6. Minder aggressief 7. Kalf loop voor ma	Swartrenoster 1. Kleiner 2. Skof nie prominent 3. Kop kleiner en korter 4. Gepunte bolip 5. Kalf volg ma 6. Donkergrys 7. Aggressief
Vlaktesebra (Bontkwagga) 1. Skadustrepe 2. Strepe tot onder pens 3. Strepe nie tot op hoewe 4. Geen roosterpatroon op kruis 5. Geen keelvel	Bergsebra 1. Geen skadustrepe 2. Pens wit 3. Strepe tot op hoewe 4. Roosterpatroon op kruis 5. Keelvel
Vlakovark 1. Gesigvratte 2. Kleiner 3. Grys; korter hare op lyf 4. Slagtande lank 5. Daglewend	Bosvark 1. Geen gesigvratte 2. Groter 3. Rooierig; langer hare op lyf 4. Slagtande kort 5. Naglewend
Swartwildebees 1. Horings buig af, vorentoe en op 2. Stert perdagtig, wit 3. Regop maanhare	Blouwildebees 1. Horings buffelvormig 2. Stert donker 3. Maanhare nie regop
Blesbok 1. Rooierig bruin; geen pers skynsel 2. Gesigbles onderbroke 3. Kol op boude bleekwit 4. Voor- en agterbene donkerbruin 5. Bo-oppervlaktes van horingringe strooikleurig	Bontebok 1. Donkerbruin; sye en bobene pers skynsel 2. Gesigbles aaneenlopend; wit neus 3. Bonde spierwit tot rondom stertbasis 4. Bene van knieë ondertoe wit 5. Bo-oppervlaktes van horingringe swart
Oorbietjie 1. Borselstert met swart punt 2. Swart kol onder ore 3. Hare langer 4. Hobbelperd hardloopbeweging 5. Lang nek	Steenbok 1. Kort stert 2. Nie swart kol onder ore 3. Hare korter 4. Nie hobbelperd hardloopbeweging 5. Nek korter
Kaapse Grysbok 1. Rooibruin bodele 2. Stert baie kort 3. Valshoewe op agterbene 4. Suidwestelike Kaapland	Tropiese Grysbok (Sharpe's) 1. Dieper rooi as Kaapse Grysbok 2. Stert kort 3. Geen valshoewe op agterbene 4. Noord- en Noord-oos Transvaal
Rooibok 1. Ligter van kleur 2. Bolyf ligter bruin 3. Nie prominente donker gesig nie	Swartneusrooibok 1. Donkerder van kleur 2. Bolyf dowwer bruin met perserige skynsel 3. Swart/donker streep op gesig

Rietbok	Rooiribbok
1. Groter 2. Bruin tot grysgeel 3. Horings groter 4. Donkerbruin streep op voorbene	1. Kleiner 2. Donkerder 3. Horings kleiner 4. Geen donkerbruin streep op voorbene
Bosnagaap	Nagaap
1. Groter 2. Stert baie wollerig	1. Heelwat kleiner 2. Stert minder wollerig
Blouaap	Samango-aap
1. Bosveld 2. Dikwels op grond 3. Ligter van kleur	1. Woud 2. Selde op grond 3. Donkerder van kleur
Vlakhaas	Kolhaas
1. Kleiner 2. Nie kol op voorkop	1. Korter 2. Kol op voorkop
Gevlekte Hiëna	Bruin Hiëna
1. Groter 2. Ligter met vlekke/kolle 3. Korter hare, geen maanhare	1. Kleiner 2. Donkerder sonder vlekke 3. Lang hare en maanhare
Luiperd	Jagluiperd
1. Rosette 2. Bonkig, groter kop 3. Geen "traanstreep" op gesig 4. Naels trek in	1. Swart kolle 2. Vaarbelyn, slank, klein kop 3. "Traanstreep" vanaf oog tot mondhoek 4. Naels trek nie in nie
Tierboskat	Siwetkat
1. Lang bene 2. Groot ore 3. Kolle 4. Kort hare	1. Kort bene 2. Ore kleiner 3. Kolle en strepe 4. Lang maanhaar en stert
Rooijakkals	Witwasjakkals
1. Rooi kleur aan sye 2. Swart bosstert 3. Swart gespikkelde saal	1. Witterige streep met swart rand aan sye 2. Donker stert met wit kwas 3. Grys kleur van afstand gesien
Kleinkolmuskejaatkat	Rooikolmuskejaatkat (grootkol-)
1. Kolle kleiner en swart 2. Maanhaar op rug 3. Punt van stert wit	1. Kolle groter en rooibruin 2. Geen maanhaar op rug 3. Punt van stert swart

ONDERSKEID TUSSEN GESLAGTE

DIERSOORT	MANLIK	VROULIK
1. Olifant	1. Groter 2. Voorkop meer gerond	1. Kleiner 2. Voorkop meer hoekig
2. Sebras	Smal swart streep onder stert	Breë swart streep onder stert
3. Vlakvark	Twee paar gesigvratte	Een paar gesigvratte
4. Kameelperd	1. Horings regop en “bles” 2. Horings massief	1. Horings u-vormig met hare tot op punt 2. Horings dunner
5. Swartwitpens	Swart met wit pens	Rooibruin
6. Buffel	Donker bruin tot swart	Koeie bruin
7. Njala	1. Baie groter 2. Donker	1. Baie kleiner 2. Rooibruin, wit strepe
8. Eland	1. Ou bulle “blou” skynsel 2. Klos donker hare op voorkop	1. Grys 2. Klos hare afwesig
9. Seekoei	Geslagsdele (buite water)	Geslagsdele (buite water)
10. Skilpad	Hol onder dop	Plat onder dop

DIERE MET OF SONDER HORINGS:

VROULIKE DIERE

Opgestel deur : André van der Merwe

<u>SPESE</u>	<u>SONDER HORINGS</u>	<u>MET HORINGS</u>	<u>BENAMING</u>
Rooibok	X		Ooi
Soenie	X		Ooi
Dik Dik	X		Ooi
Klipspringer	X		Ooi
Oorbietjie	X		Ooi
Steenbok	X		Ooi
Grysbok	X		Ooi
Sharpe grysbok	X		Ooi
Bosbok	X		Ooi
Njala	X		Ooi
Koedoe	X		Koei
Gryskuiker	X		Ooi
Vaalribbok	X		Ooi
Rooiribbok	X		Ooi
Rietbok	X		Ooi
Waterbok	X		Koei
Springbok		X	Ooi
Eland		X	Koei
Buffel		X	Koei
Blouduiker		X	Ooi
Rooi duiker		X	Ooi
Bastergemsbok		X	Koei
Swartwitpens		X	Koei
Gemsbok		X	Koei
Rooihartbees		X	Koei
Swartwildebees		X	Koei
Blouwildebees		X	Koei
Blesbok		X	Ooi
Bontebok		X	Ooi
Basterhartbees		X	Koei

WILD TEEL EN LAM/KALFTYE

SPESIE	SOSIALE GROEPERING	PAARTYD	DRAGTIG DAE	KALF/LAMTYD
Rooibok	Enkel ram, ram troppe,teeltroppe	Mei- Junie	195 - 200	Nov - Des
Springbok	Enkel ram, ram troppe,teeltroppe	Mrt- Mei	165 - 180	Aug - Nov
Blesbok	Enkel ram, ram troppe,teeltroppe	Mrt- April	270	Nov - Des
Bontebok	Enkel ram, ram troppe,teeltroppe	Des - Feb	235	Lente
Basterhartbees	Enkel bulle,teeltroppe	somer	235 - 245	Hele jaar
Kameelperd	Alleen of in groepe	Hele jaar	450	Hele jaar
Rooihartbees	Enkel bulle,bul-troppe,teeltroppe	Feb - Mrt	238 - 242	Okt - Nov
Eland	Alleen of in troppe	Des - Jan	254 - 277	Lente
Gemsbok	Alleen of in troppe	Herfs	261 - 275	Somer
Koedoe	Enkel bulle,bul-troppe,teeltroppe	Winter	210 - 240	Laat somer
Bosbok	Alleen, pare of ooie met lammers	Winter	180	Somer
Njala	Alleen of klein troppies	Herfs/somer	252	Lente
Waterbok	Alleen of in troppe	Hele jaar	235 - 250	Hele jaar
Rietbok	Alleen, pare of klein troppe	Hele jaar	235 - 240	Hele jaar
Rooiribbok	Alleen of klein troppies	Herfs/winter	223 - 240	Somer
Vaalribbok	Alleen of klein troppies	Somer	245 - 260	Lente
Blouwildebees	Enkel bulle,teeltroppe	Herfs/winter	255 - 260	Somer
Swartwildebees	Enkel bulle,teeltroppe	Herfs/winter	240 -260	Somer
Bontkwagga	Een of meer hingste/familiotroppe	Jan - Mrt	371	Jan - Mrt
Kaapes bergkwagga	Een of meer hingste/familiotroppe	Jan - Mrt	371	Jan - Mrt
Buffel	Een of meer bulle,teeltroppe	Mrt - Mei	320 - 330	Jan - April
Bastergemsbok	Enkel bulle,teeltroppe	Herfs/winter	268 - 280	Somer
Swartwitpens	Enkel bulle,bul-troppe,teeltroppe	Herfs/winter	261 - 281	Somer
Steenbok	Alleen, pare,ooi met lam	Hele jaar	170	Hele jaar
Tropiese grysbok	Alleen, pare,ooi met lam	Winter	175 - 185	Somer
Kaapes grysbok	Alleen, pare,ooi met lam	Herfs	175 - 185	Lente
Oorbietjie	Alleen, pare,klein groepies	Winter	195 - 210	Somer
Soenie	Alleen, pare,klein groepies	Winter- lente	130 - 180	Somer
Klipspringer	Alleen, pare,klein groepies	Winter	210 - 215	Somer
Gryskuiker	Alleen of pare	Winter	210	Somer
Blouduiker	Alleen, pare,klein groepies	Enige tyd	120	Somer
Rooiduiker	Alleen, pare,klein groepies	Enige tyd	onbekend	Somer

Lesing 2

JAG-ETIEK

Opgestel deur Danwih Ingram

RIGLYNE TOT ETIESE GEDRAG IN DIE JAGVELD:

Etiek bepaal die mate van verantwoordelikheid, waardering en respek waarmee jy teenoor die natuur optree en dit benut. Jagtersetiek behoort nie deur reëls of wette bepaal te word nie, want dit behoort deel te vorm van jou hele wese. Hoewel die jagter binne die wet moet optree is dit nie noodwendig eties nie. Jag moet altyd van wilduitdunning, probleem-dier beheer en wildstropery onderskei word. Wilduitdunning en probleem-dier beheer is wel belangrike take binne die wildsbestuurkonteks, maar die metodes is nie altyd eties nie.

'n Jagter behoort dus sy sport te beoefen binne die perke van etiese jagmetodes wat onder andere bepaal:

- Die natuurerfenis asook sy prooi met respek behandel.
- Die prooi wat gejag word moet altyd 'n geleentheid tot ontsnapping gebied word.
- Wild moet nie met 'n voertuig gejaag of daarvanaf gejag word nie.
- Wild moet nie opgespoor of aangelok word met elektroniese hulpmiddels nie.
- Jag slegs tydens natuurlike lig.
- Geen dier moet in 'n kamp gejag word waar dit normaalweg nie selfversorgend kan wees nie.
- Jag binne die bepalings van die wet.
- Wild mag nie by suipings voorgesit word nie.
- Bewaar die natuurerfenis vir die nageslag.
- Jag slegs diere wat benut kan word.
- Moet nie na 'n dier in die trop skiet as 'n tweede dier moontlik getref kan word nie.
- Vuur slegs 'n skoot af as jy seker is van jou skootplasing en dat dit nie 'n gevaar sal inhou vir enige mens of dier.
- Indien daar bloed of 'n gedeelte van die dier se liggaam is moet jy aanvaar dat jy die bok gekwes het. Staak alle jag en spoor die dier so spoedig moontlik op en verlos sy leiding.
- Ken jou wapen baie goed en sorg dat jy gereeld oefen sodat jy tydens 'n jag die bok op die mees effektiewe wyse kan dood.
- Jy moet deurentyd poog om jou jagvernuf en kennis van die veld en diere te verbeter.
- Hanteer enige vuurwapen altyd met respek.
- Wees hoflik en behulpsaam teenoor medejagters.
- Jag selektief sodat die voortbestaan van 'n spesie nie bedreig sal word nie.
- Moet nie dragtige diere of vroulike diere met afhanklike kleintjies skiet nie.
- Geen drank tydens die jag nie. M.a.w nie onder die invloed jag nie.
- Wees altyd fiks sodat jy na 'n lang loop nog steeds 'n goeie skoot kan skiet.
- Kry die nodige toestemmings by die plaaseienaar en respekteer al sy reëls.
- Wees hoflik teenoor die kamphulp.

NB: EEN ONVERANTWOORDELIKE JAGTER VEROORSAAK MEER SKADE AAN DIE JAGTER SE BEELD WAT NA BUITE UITGEDRA WORD, AS TIEN VERANTWOORDELIKE JAGTERS.

Lesing 3

OORLEWING

Opgestel deur André van der Merwe

DEFINISIE

Oorlewing is eenvoudig om te weet wat jy moet doen om aan die lewe te bly in 'n krisis.

TIPE KRISISSE

- | | | |
|------------------------------|---|------------------------|
| a) Motor / vliegtuig ongeluk | - | statiese oorlewing |
| b) Verdwaal in die veld | - | nie statiese oorlewing |

OORLEWING BEGINSELS

- 1) BLY KALM
- 2) SPAAR SOVEEL AS MOONTLIK WATER

- 4 minute sonder suurstof
- 4 dae sonder water
- 40 dae sonder kos

Dit is dus belangrik om soveel as moontlik water te spaar.

- 3) EVALUEER JOU SITUASIE D.M.V. DIE VOLGENDE 5 STAPPE
 - a) Beoordeel jou huidige situasie baie deeglik
 - b) Besluit wat jy wil bereik (Doelwit)
 - c) Beoordeel alle moontlike faktore en watter invloed dit op jou plan sal hê.
 - d) Oorweeg alle moontlike opsies om jou doel te bereik.
 - e) Kies die beste opsie.

I WATER

- 1) Dit is die belangrikste element, vir oorlewing sonder vog dehidreer jy en sal sterf.
- 2) 70% van die liggaam bestaan uit water.
- 3) Water inname word bepaal deur jou dors. As jou mond binne nat is sal jou dors tydelike geles wees al drink jy geen water nie. Plaas 'n klein ronde klippie onder jou tong of kou 'n stukkie bas.
- 4) Verlies aan vog kan as volg plaasvind
 - a) weefsels (energie)
 - b) Sweet (Jou vel word so koud gehou)
 - c) Asem (kyk as jy teen 'n spieël asem uitblaas)
 - d) Urine
- 5) Op hoë berge is die lug droog en die vogverlies deur asem meer.

OPSPoor VAN WATER

Hoekom is ons geneig om altyd te sukkel om water op te spoor?

Ons bly almal in dorpe waar reguit strate, huise en geordende uitlegte is. Die bos is neutraal en daarom verdwaal jy so maklik.

Onthou die uitleg van die bos word bepaal deur die wind en water. Water loop altyd na die laagste punt a.g.v. gravitasie. Die pad waarlangs die water na die laagste punt loop word die waterbaan genoem. Ons het somer reëns in SA en daarom droog die meeste poele en riviere op in die winter.


Die bos het vele water bronne al lyk dit nie altyd so goed nie. Hier is 'n paar metodes om water op te spoor.

- a) Grou
- b) Voëls- en dieregedrag
- c) Plante
- d) Diere
- e) Kondensasie

A GROU

- Moenie net begin loop en soek nie. Beplan eers met die bogenoemde punte in gedagte
- Klim in 'n boom of op 'n koppie en soeke natuurlike waterbane (gewoonlik is bome groen langs riviere).
- Kies die punt waarna jy wil loop en kry merkers.


Skets oorlewing 1



Onthou jy is gewoond aan reguit lyne.


- Kyk na wild spore en paadjies soos jy loop.
- As jy by 'n klein waterbaan kom volg hom afdraand. Hy sal by 'n groter een aansluit.
- By die samevloei van strome is 'n goeie plek om te soek. (Soek by posisie A).

Skets oorlewing 2



- Kyk vir plekke waar diere en insekte gegrou het, of naby riete.
- Kry 'n sterk stok, druk so diep as moontlik in die grond en trek na jou toe. As stok klam is, is water naby. Herhaal totdat water gekry word.
- Maak 'n mooi groot gat en plaas 'n laag gras op bodem. Pak klippe op gras en sit twee uitgeholde riete regop tussen klippe. Gooi weer toe met sand.

Skets oorlewing 3




- Om water in poele te suiwer.
 - a) Grou gat langsaan en laat deursyfer
 - b) Gebruik 'n uitgeholde riet en druk deur boonste water laag met vuilgoed op.
 - c) Maak 'n gat in jou hoed, gooi sand in die hoed en laat deursyfer.

B VOËLS- EN DIEREGEDRAG

- Die meeste voëls en diere drink ten minste 1 keer per dag water.
- Kyk vir wildspaaie
- Voëls drink gewoonlik namiddag. Gaan een-een of twee-twee na water en kom terug in 'n swerm. Dit sal vir jou die regte rigting van die water aandui.

Skets oorlewing 4



C PLANTE

- Na reën of in die oggenddou is water in/op blare
- Daar is redelik plante waarvan die vog uitgedruk en gedrink kan word maar dit kan gewaarlik wees.

D DIERE


- Alle diere het vog in hulle mae. Wees versigtig vir diere wat insekte en vleis eet, gebruik slegs gras en saadeters.
- Rooibok het ± 2 liter en koedoe ± 4 liter in maag.
- Maak die maag oop en droog gekoude gras uit bo -oor 'n houër. Gooi deur lap / materiaal om skoon te maak.

E KONDENSASIE

Daar is drie metodes om water van kondensasie te verkry.



1. Dou op plante en gras. (Warm dae en koue nagte lewer baie dou)
 - gooi 'n seil oop in die aand.
 - trek lap of klere oor die gras in die oggend en droog uit.
2. Plantegroei

Skets oorlewing 5



- Kry 'n tak wat vol son kry
- Bind 'n plastiese sak stewig om die stam vas.
- Maak seker dat die een punt van die sak laer is as die res is.
- Die vog wat vrygestel word vanaf die blare sal nou in die sak opgevang word.

Skets oorlewing 6



- Sny 3 stokkies 'n bietjie langer as jou plastieksak.
- Maak 'n driepoot. (Bind ente met bas of gras sodat dit nie gaatjies in die sak maak nie.)
- Sit die driepoot in die sak en maak 'n platvorm van klip.
- Sny vars blare / takke en pak op die klippe. (Maak seker die blare / takke raak nie aan die plastiek nie.)
- Maak holtes waarna die water kan loop.

II KOS

A Vrugte en Sade

Vrugte en sade van baie bome is eetbaar wees egter versigtig. Die mees bekende bome is:

- Maroela
- Kremetart (Wit binne in die saad kan in water gekook word as pap of net so geëet word)
- Die meeste grassade kan gemaal en gekook word.


B Voëls, reptiele en wild

- Alle voëls is eetbaar. Indien moontlik vermy karnivore (vleiseters). Voëleiers kan ook geëet word.
- Slang het wit vleis en kan geëet word. Sny die kop af en haal die maag uit. Die slang kan in die vel of sonder vel gebraai word. (wees versigtig met die doodmaak aangesien sommige slange giftig is.
- Wild en vis is ook baie lekker. Lewer kan rou of gaar geëet word en verteer maklik in die maag. Vleis kan gerook of gesondroog word om langer te hou.


III RIGTING

A Hand

Skets oorlewing 7




Skets oorlewing 8



Horlosiemetode

- Plaas die kort wyser in die rigting van die son op die grond.
- Halveer die hoek tussen die kort wyser en die 12.
- Dit is Noord.

Skets oorlewing 9



Stokkiemetode

- Druk 'n reguit stokkie so na aan vertikaal as moontlik in die grond.
- Sit op gereelde intervale klippeis op die punt van die skaduwees.
- Die kortste skaduwee verleng na die stokkie is Noord.

Lesing 4

NOODHULP

1. SLANG- EN INSEKBYTE

A) BY-, PERDEBY-, MIER- EN INSEKBYTE

As 'n persoon deur 'n by gestee word moet die angel probeer verwyder word deur dit met skraping met 'n skerp mes te probeer verwyder.
Moet nie "Tweezers" gebruik nie aangesien meer gif daardeur in die persoon gespuit sal word.

SIMPTOME

- a) Skielike pyn
- b) Swelling
- c) Hitte
- d) Rooi uitslag op geaffekteerde gedeelte
- e) Witterige ferm uitbulting op vel
- f) Jeukerigheid

BEHANDELING

Daar bestaan eintlik geen behandeling vir inspekbyte nie, aangesien die meeste nie ernstige gevalle is nie. Die byte kan ernstig raak as 'n persoon allergies is vir die byt. Die onderwerp sal egter later in die lesing onder "Allergiese Reaksies (Anafalaksis)" behandel word.

B) SLANG- EN SKERPPIOENBYTE

Slangbyte is een van die gevaarlikste byte wat in die veld opgedoen kan word. Nie soseer omdat die slag giftig is nie, maar omdat die pasiënt so 'n lang tyd vat om by mediese hulp uit te kom. Serum is ook nie meer bekombaar aan privaat persone nie aangesien daar meer persone beswyk aan allergiese reaksies van die serum as van die slangbyt self.

As 'n persoon deur 'n slang gepik of 'n skerpioen gestee word MOET die slang of skerpioen positief geïdentifiseer of doodgemaak en saamgeneem word na die hospitaal of mediese sentrum. Daar bestaan drie groepe slange ingedeel volgens hulle "giftande" en "gif".

FRONT FANGS	BACK FANGS	ERECTILE FANGS
NEUROTOKSIES	HEAMOTOKSIES	NECROSIS
(ASEMHALING)	(BLOEDING)	(WEEFSELBESKADIGING)
SPESIE	SPESIE	SPESIE
Mamba	Boomslang	Alle adders
Kobra	Voëlslang	
Rinkhals	Vine Snake	

By skerpioene is die gevaarlikste spesies die met die groot angel en klein knypers. Die met die klein angel en groot knypers is GEWOONLIK nie baie giftig nie, maar sal nog steeds baie pyn veroorsaak.

SIMPTOME

- a) Pyn rondom die bytplek
- b) Swelling
- c) Bloeding vanuit die wond
- d) Bewussynsvlak begin daal
- e) Dyspnea (sukkel met asemhaling)
- f) Apnea (Asemhaling hou op)
- g) Verlamming
- h) Bloeding van die slymmembrane in die mond
- i) Stuiptrekkings
- j) Tomiket - onmiddellike swelling pyn (adders)

BEHANDELING

- a) Behandel simptome soos hulle voorkom
- b) Moenie dat pasiënt beweeg nie
- c) Sit restriksieverband aan
- d) Vervoer so vinnig moontlik na 'n mediese sentrum
- e)

2. **SKOK EN BEHANDELING**

Dis die versuim van die kardiovaskulêre sisteem om genoeg suurstofryke bloed na die weefsel te vervoer en sodoende 'n ineenstorting van liggaamfunksies veroorsaak.

SIMPTOME

- a. Verhoging in polsslag
- b. Angstig
- c. Gevoel van "Doom"
- d. Velkleur is bleek, koud en nat
- e. Persoon is kort van asem
- f. Afneem van persoon se bloeddruk

TIPES SKOK

- a) Hypovolaemic - nie genoeg bloed oor in sirkulasiesisteem
- b) Metabolic - verloor van te veel liggaamsvog bv landlopers
- c) Cardiogenic - enige hartprobleme
- d) Neurogenic - senuweestelselprobleem (bv rugbeserings en kopbeserings)
- e) Psychogenic - slegte nuus, persoon baie groot geskrik, emosionele probleme, ens.

- f) Respiratory - asemhalingsprobleme, asthma, ens.
- g) Septic - infeksies, brandwonde, ens
- h) Anafalaktiese skok - allergiese reaksies, giwwe en bysteke, ens.

BEHANDELING

- a) Lugweg oopmaak en onderhou
- b) Kunsmatige asemhaling as nodig
- c) Suurstof as beskikbaar
- d) Wat is die rede vir die skoktoestand om te bepaal watter soort skok dit is
- e) Semi-sittende posisie
- f) Voete op
- g) Vervoer so vinnig as moontlik na die hospitaal

3. DRUKPUNTE

Drukpunte word beskou as die beste manier om 'n slagaar bloeding te stop. Dit is baie belangrik om al die drukpunte te leer ken om sodoende bloeding te stop.

TIPES

- a) Temporaal - langs die gesig op die slape
- b) Facial - op die kinnebak
- c) Bragiaal - onder die arms tussen die armholtes en elmboog
- d) Femoral - in die lies.

4. VREEMDE VOORWERPE IN DIE OOG EN OOR

Vreemde voorwerpe wat in die oog vassit, soos byvoorbeeld 'n doring, stukkies metaal of enige ander voorwerp moet onder geen omstandighede probeer verwyder word nie. Enige ander voorwerp wat nie vassteek in die oog mag verwyder word deur die ooglid met 'n wattepluisie te lig en die voorwerp met 'n nat steriele wattepluisie of lappie uit te haal. Die oog kan ook met water uitgewas word.

'n Voorwerp wat in die oog uitsteek moet met 'n ringverband om die voorwerp vasgebind word. Die onderste verband op die oog moet nat wees sodat die oog nie uitdroog en groter skade sodoende veroorsaak word nie.

Vreemde voorwerpe in die oor is baie maklik om te behandel. As die voorwerp gesien kan word kan daar probeer word om die voorwerp uit te haal. As die pogings misluk vat die persoon hospitaal toe waar hulle die voorwerp met die nodige toerusting sal verwyder.

5. **VERSMORING**

Dit beteken dat 'n persoon deur een van legio redes om een of ander rede nie kan asem haal. Die persoon sal jou dadelik laat weet as hy nie kan asemhaal nie deur sy keel met sy hande vas te hou.

SIMPTOME

- a) Persoon sal sy keel vashou en wys dat iets skort
- b) Sal blou word in die gesig
- c) Sal nie kan praat nie
- d) Sal nie kan hoes nie
- e) Sal verbouereerd raak
- f) Die persoon sal sy bewussyn verloor

BEHANDELING

- a) Kyk of daar iets in die persoon se keel vassit
- b) As daar iets vassit probeer dit verwyder
- c) As jy dit nie kan verwyder nie en persoon is by sy bewussyn laat hom hoes en as dit nie werk nie probeer die Heimlich Maneuver
- d) As persoon bewusteloos is doen "Abdominal Thrusts" totdat die voorwerp uit is.
- e) Sodra die lugweg oop is kyk dat die persoon asemhaal, indien nie begin met kunsmatige asemhaling.
- f) As hy asemhaal draai hom op sy sy

6. **HITTE-UITPUTTING**

Is gewoonlik iemand wat nie aan ons klimaat gewoond is nie en baie vog en sout verloor deur sweet. Die persoon sal gewoonlik "collapse".

SIMPTOME

- a) Persoon sal aggressief wees
- b) Sal swak voel
- c) Sal uitermatig sweet
- d) Sal maklik weer bewussyn verloor

BEHANDELING

- a) Plaas persoon in 'n koel omgewing
- b) Gee water met 1 teelepel sout per glas
- c) Handhaaf sy normale liggaamstemperatuur

SONSTEEK

Sonsteek is hitte-uitputting wat nie behandel is nie.

SIMPTOME

- a. Persoon sal definitief bewusteloos wees
- b. Vel sal rooi, warm en droog wees

BEHANDELING

- a) Bring liggaamstemperatuur so gou as moontlik af
- b) Sit persoon in yskoue water
- c) Plaas yspakke onder armholtes
- d) Vat persoon so vinnig moontlik na 'n hospitaal

7. **BABALAAS**

Wanneer 'n persoon te veel alkohol te drinke gehad het.

SIMPTOME

- a) Een **GROOT HOOFPYN**
- b) Sensitiewe oë in sonlig
- c) Bloedbelope oë

BEHANDELING

- a) Drink taamlik baie water om dehidrasie te voorkom
- b) Slaap die babalaas af

8. **OOP WONDE EN SNYWONDE**

Wonde wat veroorsaak is deur skerp voorwerpe en wat gewoonlik dieper as die vel oppervlakte is.

SIMPTOME

- a) Bloeding uit die wond sal voorkom
- b) Pyn

BEHANDELING

- a) Kyk of daar enige voorwerpe nog vassit in wond
- b) Maak die wond skoon as daar vuiligheid in is
- c) Plaas direkte druk op die wond d.m.v. die hand of verbande
- d) Stabiliseer enige voorwerpe wat uit die wond steek, maar moet dit nie verwyder nie
- e) Gebruik 'n ringverband vir stabiliseringsdoeleindes
- f) As bloeding nie ophou nie gebruik "Drukpunte"

9. **SONBRAND**

Wanneer 'n persoon te lank in die son was en eerstegraadse brandwonde opgedoen het.

SIMPTOME

- a) Rooi vel
- b) Pyn

BEHANDELING

- a) Plaas koue water of ys op aangetasde dele
- b) **MOENIE** botter of salf aan dele smeer nie
- c) Verwyder persoon vir 'n dag of twee uit die son of dra klere wat die aangetasde dele beskerm

10. **BRANDWONDE**

Brandwonde word deur 3 faktore veroorsaak naamlik

- a) Hitte
 - b) Chemiese stowwe
 - c) Elektriese brande
- Brandwonde word ook in 3 afdelings geklassifiseer naamlik

- a) Superficial (sonbrand sonder blase)
- b) Partial Thickness (Sonbrand met blase)
- c) Full Thickness (Vel is weggebrand tot teen weefsel)

SIMPTOME (SUPERFICIAL EN PARTIAL THICKNESS)

- a) Rooi op aangetasde dele
- b) Pyn sal teenwoordig wees
- c) Swelling op aangetasde dele
- d) Skok (Metaboliese skok)

- e) By "Partial Thickness Burns" sal blase teenwoordig wees

BEHANDELING

- a) Koel af met water
- b) Sit nat steriele verband op aangetasde dele
- c) Verwyder Juweliersware, ens

SIMPTOME (FULL THICKNESS BURNS)

- a) Vel sal swart of grys wees
- b) Geen pyn sal ervaar word nie
- c) Vel sal hard voel
- d) Geen swelling
- e) Skok sal definitief teenwoordig wees.

BEHANDELING

- a) Moet nie afkoel nie (voorkom infeksie)
- b) Verbind met droë steriele verband
- c) Kry persoon so vinnig as moontlik by hospitaal
- d) Kyk na inasem brandwonde (grys om neus en mond)

11. **HARTAANVALLE**

Ons gaan nie al die verskillende hartsiektes behandel nie aangesien die lesing alleen dae in beslag kan neem. Ons gaan net kyk na K.P.R. en wanneer om daarmee te begin. Die aangehegde bladsy verduidelik die beginsels van K.P.R.

12. **BEENBREKE (FRAKTURE)**

'n Beenbreuk kan veroorsaak word deur direkte trauma, indirekte trauma, spiersametrekkings en osteoporoses.

SIMPTOME

- a) Pyn
- b) Kan nie ledemaat beweeg nie
- c) Swelling
- d) Ledemaat sal misvormd lyk
- e) Onegaligheid in beweging van die ledemaat
- f) Gevoelig wees naby breuk
- g) Creptis (skraapgeluid as ledemaat beweeg word)

BEHANDELING

- a) Met 'n oop fraktuur stop bloeding
- b) Verbind die breuk so gou as moontlik
- c) Hou persoon kalm
- d) Behandel persoon vir skok
- e) Kry persoon by 'n hospitaal

13. SKIETWONDE

Skietwonde kan ernstige inwendige beserings tot gevolg hê. Daar sal 'n wond wees waar die koël die liggaam binnegaan, en dikwels 'n baie groter uitgangswond.

Inwendige organe, weefsels en bloedvate kan deur die koël beskadig word. Benewens uitwendige bloeding, kan daar ook inwendige bloeding wees.

BEHANDELING

- a) Stop bloeding so vinnig as moontlik
- b) Stabiliseer enige frakture as daar is
- c) Hou wond skoon
- d) Behandel skok teenwoordig
- e) Vervoer so vinnig moontlik na 'n hospitaal

14. SUIKERSIEKTE (DIABETES)

Diabete het gewoonlik 'n te lae of te hoë vlak suiker in hulle bloed. Met 'n te lae bloedsuiker mag jy hulle suiker gee om te eet, as die persoon by sy positiewe is. By te hoë bloedsuiker moet die persoon insulien kry om die ekstra suiker te verwerk. Onhou om nie verkeerd te diagnoseer en 'n persoon wat insulien nodig het suiker gee nie, dit kan groot probleme veroorsaak.

ONTHOU

COLD AND WET - SUGAR I GET

HOT AND DRY - INSULIN I CRY

Volg net die rympie as jy na die persoon se vel kyk en jy sal nie verkeerd kan gaan nie.

15. EPILEPTIESE AANVALLE

Tydens 'n persoon se aanval is daar nie baie wat ons in die veld vir die persoon kan doen nie. As hy op medikasie is gee hom sy medikasie **na** die aanval. Tydens die aanval keer net dat persoon homself nie beseer nie, maar moet hom **nie teëhou of iets in die mond druk nie**.

16. K.P.R. (KUNSMATIGE ASEMHALING)

Sien aangehegde fotostate.

17. **ALLERGIESE REAKSIES (ANAFALAKTIESE SKOK)**

Is 'n massiewe allergiese reaksie wat kan ontwikkel binne 'n paar minute na 'n insekbyt of steek.

SIMPTOME

- a) Ongeval sal naar voel en vomeer
- b) Kla van benoudheid in die bors
- c) Kan moeilik asemhaal en na asem hyg en snak
- d) Sal swelling wees veral om die oë
- e) Pols sal vinnig wees
- f) Bewusteloosheid kan ontwikkel.

BEHANDELING

- a) Hou lugweg oop en in stand
- b) Indien asemhaling en hartklop ophou begin onmiddellik met resussitasie
- c) Verwyder onmiddellik na hospitaal.

Lesing 5

SPOORSNY

Opgestel deur : Karl Osmer

Spoorsny

Spoorsny en jag. Wat het spoorsny met jag te doen. Baie. Sonder om te kan spoorsny en die basiese van spoorsny te bemeester kan 'n mens nie behoorlik jag nie. Sekere wildsoorte kan omtrent net met die volg van hulle spore in die hande gekry word. Voorbeelde is olifante, leeuus op die regte manier gejag en ook wanneer 'n spesifieke dier gejag word.

Identifisering van spore

Elke diersoort het sy eie unieke pootvorm wat 'n eie unieke spoor op die grond afdruk. Ons het baie tyd by die huis wat ons uitsien na 'n jagkansie. Kry boeke in die hande met dierspore en bestudeer dit, dit kan net help om in die veld die spoorsoorte makliker uit te ken. Wanneer jy in die jagveld kom, kyk op die grond, dit vertel jou baie van wat op die plaas aangaan. Geen spore, geen wild, ens.

Volg van 'n spoor

Moet nooit 'n spoor doodtrap nie, dus op die spoor wat gevolg word trap nie.

Ons gaan basies klem lê op spoorsny op hierdie tipe van plase waar julle die meeste kans gaan kry om te jag. Kyk, kyk en neem in. Wanneer jy in die veld loop, kyk na die spore wat daar voorkom.

Spore oor die algemeen is staanspore, loopspore, drafspore en hardloopspore. Jy kan sien of die bok besig was om te wei, of hy vinnig geloop het en of hy dalk weggevlug het, nie gehardloop het nie, maar vinnig padgegee het.

By koedoes in bosgebiede is dit opmerklik dat hulle nader aan mekaar beweeg en padgee in een paadjie. Dan kan jy maar weet dat hulle jou lankal gewaar het en wegbeweeg, dan is hulle wakker. Los maar daardie spore en gaan soek ander koedoes.

Spore op die grond

In sagterige skoon grond is spoorsny maklik. Die spore is mooi duidelik en kan maklik gevolg word. Harde klipperige grond is moeilik, hier moet veral opgelet word na blink wit merke op die klippe en klippies wat weggerol het. Sandgrond wat klam is het duidelike spore, maar in droë sand is spooridentifisering baie moeilik, en ook die volg van 'n spesifieke spoor. In dik gras en bossieveld is dit ook weer moeiliker, want die dier trap op die plante en die spoor kan nie op die grond gesien word nie. Dan moet weer na die gras en plante, wat ons die lugspoor noem, gekyk word. Vroeg soggens, en dit het baie gedou, kan dit baie duidelik gesien word waar die dou-drupples van die gras af gegee is. In droë gras lê die gras gewoonlik in die rigting waarin die dier beweeg het, dit is nou langgrasveld.

Kyk altyd kort-kort op wanneer op 'n spoor geloop word. 'n Dier loop nie deur 'n bos of 'n boom of 'n miershoop nie. Soms kan 'n dier ver ente gevolg word deur bloot na die pad wat hy kon loop voor jou te kyk.

Die posisie van die son speel ook 'n groot rol met die sigbaarheid van 'n spoor. Wanneer die son laag sit, soggens en laat middag, dan gooi die walletjies van 'n spoor skaduwees wat die spoor duideliker maak. Indien 'n spoor wegraak in klipperige grond of gras, maak 'n merk waar die spoor die laaste gesien is. Loop dan in 'n boog 'n ent vooruit en loop dan dwars totdat die spoor weer gevind word. Kyk vir goggaspoortjies oor die spore, klein stukkies blare of gras wat in die spore gewaai is, en vars mis. Dit dui baie goed aan hoe vars so 'n spoor is. Waar bokke wei lê daar gewoonlik vars takkies en blare rond.

Opvolg van gewonde wild

Baie belangrik by spoorsny, en dit is seker waar dit die meeste gedoen word is om gewonde wild mee op te spoor. Wanneer na 'n bok geskiet word, moet nie opspring en nader hardloop nie. Behalwe in sekere gevalle soos wanneer hy in sy spore neersak, dan kan vinnig nader gegaan word. Merk altyd die plek waarvandaan jy geskiet het, dit word later 'n gewoonte wat al baie vrugte afgewerp het. Trek sommer vinnig met jou voet 'n kruis op die grond, jy hoef nie eers af te kyk nie. Tweedens, merk die plek waar die bok of

dier gestaan het in jou geheue, loop soontoe en maak daar ook 'n merk. 'n Boom of klip dien as 'n goeie baken. Volg dan die spoor van die bok wat jy geskiet het, as die bok nie naby lê nie. Met long - en hartsbote hardloop bokke soms baie ver voordat hulle neerslaan. Leër hierdie dinge vir jouself aan wanneer julle bokke skiet en julle sal nie spyt wees in die toekoms nie.

Wanneer 'n bok raakgeskiet is, is daar gewoonlik bloed wat vir jou 'n aanduiding gee van hoedat die dier getref is. Longskoot, pensskoot, of 'n spier/vleiswond. Longskoot het skuimerige ligpienk bloed, pensskoot het waterige bloed met pensmis en stukkies gras of blare in, daar is ook altyd 'n kenmerkende pensmis reuk daar naby. Spier en vleiswonde het donkerrooi bloed wanneer are getref is, slagare se bloed is helderder. Diere wat vleiswonde het bloei gewoonlik al hoe minder totdat dit later heeltemal ophou nadat 'n ent op die spoor geloop is. So 'n bok volg jy ver en gewoonlik kry jy hom nie.

'n Bok wat 'n longskoot of hartsboot gekry het hardloop in 'n reguit lyn totdat hy dood neerslaan of hy gaan staan voordat hy doodgaan. 'n Bok wat lig gewond is sal gou begin om in draaie te beweeg en dan kan jy maar weet dat jy lank op die spoor gaan loop. 'n Bok wat in 'n trop geskiet word beweeg gewoonlik weg van die tropaf, soek dus aan die kante van die spore na 'n spoor wat uitswaai en soek daar vir bloed. Kyk ook vir 'n spoor waar die kloutjies oopmaak, dit dui op 'n dier wat swaarkry, dus die gewonde bok. Moet nooit wanneer na 'n bok geskiet word en hy hardloop weg sê dat dit mis is nie. Gaan kyk en volg die spoor vir 'n hele ent. Dit is al manier om seker te wees of dit nie raak was nie, maak wel seker dat dit die regte spoor is wat jy volg. Baie dooie bokke is al so in die veld agtergelaat.

Afsluiting

Oefen en waarneming is al wat jou kan leer om beter en beter spoor te vat. Wanneer jy by is wanneer 'n bok in die veld opgelaaai gaan word wat geskiet is. Vra waar hy gestaan het toe hy geskiet is, kyk na die bloedspeer tot waar hy geval het en kyk waar die bok geskiet is. Dit is hoedat jy leer om op 'n gewonde dier se spoor te loop en wat om te verwag.

Lesing 6

Trofeehantering

Opgestel deur: Nico van Rooyen

Jagtrofee vorm 'n integrale deel van die jagbedryf en die behoorlike en effektiewe hantering daarvan kan nie genoeg beklemtoon word nie. Dit is vir elke wildboer wat daaraan dink om jag as benuttingsvorm van sy oortollige wild te gebruik, noodsaaklik om hom deeglik te vergewis van die tegnieke wat aan die slag, bewerking en hantering van jagtrofee verbonde is. Persoonlike toesig oor hierdie aktiwiteite is die enigste wyse om goeie resultate te verseker. Die slaggeriewe op 'n wildplaas en die wyse waarop 'n kliënt se trofee hanteer word, kan grootliks daartoe bydra dat 'n onderneming professioneel vertoon. Die wildboer se verantwoordelikhede eindig nie wanneer die kliënt 'n goeie trofee geskiet het nie. Die jagter het in daardie stadium basies bereik wat hy in die jag vir hom ten doel gestel het. Al wat hy met hom saam terug neem, behalwe die foto's en herinnering, is sy trofee wat altyd as bewys van sy suksesvolle jag sal dien. Hierdie trofee is dus 'n baie belangrike besitting vir die jagter en sy volgende doel sal wees om dit in die een of ander gemonteerde of verwerkte vorm by sy versameling te voeg.

Daar rus dus 'n groot verantwoordelikheid op die wildboer om toe te sien dat hierdie trofee korrek behandel en hanteer word om dit vir die taksidermis moontlik te maak om hulle in kunswerke te omskep, waarop die eienaar met reg trots kan wees. Tree daar 'n fout by die behandeling van so 'n rou trofee in, kan geen taksidermis dit meer red nie en is dit nutteloos vir die jagter. Dit het eindelose nadelige gevolge vir enige jagonderneming.

SLAGGERIEWE

Doeltreffende slaggeriewe is uiters belangrik vir die behoorlike hantering van jagtrofee. Die trofee kan in die veld selfs in primitiewe omstandighede doeltreffend bewerk word indien 'n mens weet hoe om dit te doen. Op 'n wildplaas wat reeds slaggeriewe het, is dit gelukkig maklik om die geriewe teen geringe addisionele koste so te omskep dat trofee in gunstige, gerieflike toestande op 'n professionele wyse hanteer kan word.

Dit moet reeds tydens die beplanning van sulke geriewe in gedagte gehou word dat die kliënt in een of ander stadium tydens sy safari by die slaggeriewe sal aandoen. Daar is weinig dinge op 'n wildplaaas wat so 'n swak indruk skep as swak slaggeriewe. Behoorlike skoon slaggeriewe gee onmiddellik aan die kliënt 'n groot mate van gemoedsrus. Hy is dan reeds vol vertroue dat sy trofee behoorlik bewerk sal word.

Indien die slaggeriewe nog beplan moet word, is dit raadsaam om ten opsigte van die hantering van jagtrofee vir drie aspekte voorsiening te maak, naamlik 'n soutput vir velle, droogbalke en 'n pakkamer vir droë trofee. Indien 'n wildboer reeds oor slaggeriewe beskik maar nie vir boenoemde voorsiening gemaak het nie, kan 'n aanpassing met min moeite en geringe addisionele koste daarvoor gemaak word.

Soutput

'n Soutput se blad *moet* teen 'n helling van ongeveer vyf grade gegiet word, met 'n wegvloeivoortjie vir nattigheid. Dit bewerkstellig behoorlike dreinerings van die velle terwyl dit in die sout lê en voorkom dat plasie bloederige water, wat deur die sout uit die velle getrek word, op die velle opdam en bakteriologiese beskadiging veroorsaak.

Indien u nie hiervoor voorsiening gemaak het nie, kan 'n soutblad baie maklik van hout gemaak word, en in een hoek van die slagkamer geplaas word. So 'n blad word uit planke wat teen mekaar pas, gemaak en moet groter wees as die grootste vel wat redelik dikwels hanteer sal word. Dit word op 'n raamwerk van swaarder hout gemonteer teen 'n helling van vyf grade. Gebruik geelkoperskroewe vir die aanmekeerhegting van die hout. Maak seker dat die skroewe nie net bloot met geelkoper geplatteer is nie, want dan sal dit nes spykers afroes en die konstruksie sal uitmekaar val.

Droogbalke

Yster laat roesmerke op velle en dit is dus noodsaaklik dat alle droogbalke waaroor nat velle gedroog sal word, van hout moet wees. Moet egter onder geen omstandighede 'n vel oor 'n paal wat met kreosoot of teer behandel is, hang nie. Rou bloekompale maak ideale droogbalke. Die pale kan in die mure van 'n droogkamer op 'n gerieflike hoogte ingebou word, of van houtpote voorsien word. Maak egter weer eens seker dat die vashegting met roesvrye materiaal geskied. 'n Droogbalk met spykers en boutte wat roes, kan onherstelbare roesvlekke op die velle agterlaat. Balke wat weerskante op leë oliekonkas geplaas word, skep ook 'n risiko. Die konkas roes baie gou as gevolg van die sout en nattigheid en bederf die velle dan met roesvlekke sodra dit daarteen raak. 'n Droogkamer moet ook goed geventileer wees.

Pakkamer

'n Toesluitbare pakkamer wat roof- en knaagdierbestand is en met houtrakke toegerus is, is van die allergrootste belang. Dit moet altyd droog wees binnekant, want enige nattigheid sal die velle bedref. Ten einde dubbel seker te maak dat knaagdiere nie die velle beskadig nie, kan rottegif permanent op 'n veilige plek buite bereik van kindes en troeteldiere in die pakkamer gehou word. Insekte, rotte en toordokters is die grootste vyande by die berging van rou jagtrofee. Toordokters hou 'n gevaar in omdat items soos duikerhorings, hiënasterte, wildebeessterte, die punte van olifantslurpe en allerlei ander dele van diereprodukte gesogte preparate en items vir die towerkuns en medisyne is.

DIE SLAG EN BEWERKING VAN JAGTROFEE

Materiaal en toerusting benodig

- Geskikte slagmesse van goeie staal. 'n Skerppuntmes is nuttig vir die slag van kopvelle en pote.
- Goeie slypstene.
- Plaatjies van aluminium of sink om trofee mee te merk. Sterk lyn of draad vir die vashegting van die plaatjies.
- Sout van goeie gehalte. Fynsout is die beste, maar eerstegraad growwe sout kan ook gebruik word. Moet egter onder geen omstandighede vuil veesout gebruik nie.
- Insekmiddels vir die behandeling van velle teen insekte (sien later).

Algemene wenke vir die voorafhantering van trofee

- Moedig 'n oningeligte kliënt aan om 'n dier op die bald of direk agter die blad te skiet. Koeëlgate in die nek van kleiner diere rig gewoonlik aansienlike skade aan en is moeilik herstelbaar. Klein soogdiere moet beslis agter die blad geskiet word, indien die kliënt nie oor 'n kleinkalibergeweer beskik nie. So 'n skoot sal die minste skade vir trofeedoeleindes aanrig.
- Gee die kliënt altyd geleentheid om behoorlik foto's van die dier wat hy geskiet het, te neem. Dit blyk baie belangrik vir enige trofeejagter te wees. Moet egter nie die proses onnodig uitrek in warm toestande nie, want dit kan meebring dat die vel bederf.
- Velle moet so gou moontlik nadat die dier dood is, afgeslag word. Ontbinding begin dadelik intree nadat die dier dood is. Diere wat in die middag of laat in die aand geskiet word, mag onder geen omstandighede tot die volgende oggend ongeslag gelaat word nie. Moet ook nie lank met 'n dier agter op 'n bakkie in die veld rondry nie. Dit is dus raadsaam om sout saam te neem indien so 'n moontlikheid bestaan. Weersomstandighede moet ook hier in ag geneem word. In warm toestande, gewoonlik in die somer, moet 'n karkas dadelik in die koelte kom, die binnegoed verwyder word en die karkas moet binne 'n halfuur afgeslag word. In koue toestande, soos gedurende die winter, en as die dier se binnegoed verwyder is, is daar nog 'n paar uur speling. Onthou egter altyd dat die vel en hare van 'n trofee bederf lank voordat die vleis enige tekens van bederwing toon.
- Verwyder die binnegoed van 'n dier onmiddellik nadat dit geskiet is om te verhoed dat dit opblaas en maagsap deur die sisteem pers. Maagsap wat die haarwortels bereik, sal haarverlies bespoedig.
- Moenie 'n dier wat in 'n berggebied geskiet is, berg af of oor klippe of gruis sleep nie. Indien dit noodsaaklik is om 'n trofee te sleep, moet dit op 'n seil of op sakke geplaas word sodat rotse en gruis nie die hare aan die onderkant beskadig nie. Moet geen dier wat as 'n jagtrofee geskiet is sonder hierdie voorsorg sleep nie, want selfs op gelyk grond sal die hare op die skouers gou deur slepery beskadig word.
- Baie jagtrofee word gedurende die laaiproses beskadig. Swaar diere moet uiters versigtig op 'n bakkie gelaai word. Die hare aan die onderkant skaaf maklik af wanneer die karkas oor die rand van die bak getrek word. Indien die kliënt 'n skouermontering van so 'n trofee wil laat doen, is dit raadsaam om toe te sien dat ten minste die nek en skouers van die trofee ongeskonde oor die rand van die bak gelig word.
- Moenie die dier op die kaal metaalbak of swart rubbermatte wat warm gebak is deur die son, laai nie. Plaas eers 'n seil, sakke of blaarryke takke daarop om die karkas van die bak af weg te hou.
- Maak seker dat daar nie dele van die karkas is wat teen die bak kan skaaf nie. 'n Trofeejagter sal nie gelukkig voel indien 'n sentimeter van sy rooibokhoring se punt afskaaf tydens die vervoer van so 'n dier nie.
- Bedek die dier met blaarryke takke nadat dit gelaai is sodat dit teen die son en oormatige hitte beskerm is terwyl dit na die slaggeriewe vervoer word.

Groter soogdiere

Plat lyfvelle


Bepaal eerstens wat die kliënt verlang en maak seker dat daar geen misverstand bestaan oor presies wat hy met sy trofee gedoen wil hê nie. Onthou, verkeerde snitte kan nie weer reggestel word nie. Eers nadat duidelikheid hieroor gekry is, kan daar met die slagwerk begin word.

Die slag van 'n trofee vir die doel van 'n plat lyfvel geskied wanneer die kliënt nie 'n skouermontering of 'n matmontering (kop aan vel, soos by katte en ander roofdiere) verlang nie, maar die vel slegs wil laat looi vir 'n vloerbedekking of dergelike doel.

Hierdie metode berus op die gewone slagproses wat op enige plaas toegepas word en behoort aan die meeste wildboere bekend te wees. Daar is egter enkele variasies na gelang van die spesie wat afgeslag word.

Katte en ander roofdiere

Skets Trofeeslag 1



Figuur 78. Die gewone slag op 'n plat lyfvel afgeslag en ander roofdiere

Snitte

Lê die dier op sy rug in die koelte neer. Maak snit A soos in die skets aangedui. Begin by die voortande in die middel van die onderkant van die nek oor die middel van die borskas, oor die pens tot by die punt van die stert.

Snitte B en C by die voor- en agterbene begin in die middel, onder die pote tussen die voorkant van die kussing en die tone. Dit verdeel die kussings in twee al langs die agterkant van die voor- en agterbene tot by die eerste gewrigte van waar dit stelselmatig na die binnekant van die bene gaan tot waar snitte B regoor mekaar op die bors en snitte C regoor mekaar net voor die skrotum tussen die agterbene by snit A aansluit. Hierdie snitwyse is noodsaaklik om 'n simmetriese vel te bewerkstellig nadat dit gelooi is.

Afslagproses

Slag die vel vanaf snitte A, B en C so noukeurig moontlik af. Wees versigtig om nie gate in die vel te sny nie, en sorg dat vet en vleis nie aan die vel gelaat word nie.

Die pote van hierdie diersoorte vorm 'n belangrike deel van die vel en moet dus sorgvuldig uitgeslag word. Dop die vel om terwyl die poot afgeslag word. Slag elke toon versigtig uit en sny tot waar die laaste toonbeentjie by die nael aansluit.(sien later).

Begin die kop by snit A afslag. Sny die lippe teen die tandvleise los. Sny ook die neuskraakeen en die ooglede aan die binnekante los. Sny die oorkraakbeen en die ooglede aan die binnekante los. Sny die oorkraakbeen af waar dit aan die skedel vasgeheg is.

Nadat die vel van die karkas losgesny is, moet alle vleis en vet wat nog aan die binnekant van die vel voorkom, verwyder word. Slag die weefsel uit die kussinkies onder die pote. Slag die vel rondom die naelbasisse mooi los, maar moenie die naels verwyder nie.

Slag die binneweefsel van die lippe los van die buitevel, maar moet dit nie verwyder nie. Moet egter nie by die bolip te diep sny sodat die haarwortels van die baarde afgesny word nie. Indien dit gebeur, sal die baarde uitval. Maak snitte deur die vet en spierweefsel tussen die rye haarwortels. Verwyder alle los vet en weefsel sodat slegs die haarwortels ongeskonde agtergelaat word. Nou eers kan sout behoorlik hier binnedring en so verhoed dat die baarde later uitval.

Verdeel die ore deur die vleis by die oorbasis van die buitevel weg te slag tot die kraakbeen bereik is. Slag nou tussen die kraakbeen en die buite-oorvel in deur die oor voortdurend om te dop totdat die randjie van die oor bereik is. Die buitevel en kraakbeen van katte se ore kan nie soos by wildsbokke van mekaar geskei word deur van 'n geskikte stuk gereedskap (sien later) gebruik te maak nie, en moet letterlik tot by die rand losgeslag word.

Verdeel die neuskraakbeen in die helfte tussen die neusgate.Slag die kraakbeen van die buitevel af los tot by die rand van die neusgate. Verwyder alle los vet en vleis.

Bontkwaggas

Snitte

Maak snit A net soos by katte en ander roofdiere. Sny die poot in die gewrig af. Maak snitte B en C by die voor- en agterbene langs die binnekante van die bene af tot waar snitte C regoor mekaar tussen die agterbene, by snit A aansluit.

Afslagproses

Slag die vel vanaf sitte A, B en C net soos by katte en ander roofdiere af, behalwe dat daar by bontkwaggas nie pote is wat afgeslag moet word nie.


Slag die kop net soos by katte en roofdiere af behalwe dat daar nie baarde is wat spesiale sorg verg nie.

By bontkwaggas moet die laag vet onder die maanhaar altyd tot teen die vel verwyder word. Hoewel hierdie 40 mm breë strook vet nie opmerklik is by pas geslagte velle nie, is dit in alle gevalle by bontkwaggas teenwoordig. Wanneer die vel droog en die vet nie verwyder is nie, sal dit as 'n opmerklike geel vetstreep vertoon. Wanneer dit sigbaar is, is dit reeds te laat om iets daaraan te doen en die maanhare sal tydens die looiproses uitval omdat daar nie behoorlike soutpenetrasie plaasgevind het nie.

Die sterte van bontkwaggas moet met groter sorg as dié van ander diersoorte afgeslag word. Die vel na die punt van die stert toe skeur maklik, wat 'n verlies van die kwas of 'n gedeelte daarvan veroorsaak. Die stert moet ook behoorlik tot by die punt uitgeslag word. Indien dit nie gedoen word nie, sal die lang hare van die stert tydens die looiproses uitval.

Wildsbokke en ander diersoorte

Skets Trofeeslag 2



Snitte

Sny die kop agter die ore af. Sny die pote af. Maak snit A net soos by katte en ander roofdiere behalwe dat die kop hier verwyder word.

Maak snitte B en C by die voor- en agterbene net soos by dié van bontkwaggas.

Afslagproses

Net soos by bontkwaggas, behalwe dat hier nie 'n kop is om af te slag nie.

Alle plat lyfvelle

Merk die vel nou met 'n nommer- of naamplaatjie van aluminium, sink of vlekvrige staal. Heg die plaatjie direk langs die basis van die stert vas.

Deur die velle nou reeds te merk, word moontlike verwarring voorkom en die kliënt is verseker van die trofee wat deur hom geskiet is.

Souting

Was die vel met koue water om alle bloed en vuiligheid te verwyder. Hang ongeveer 'n halfuur oor 'n houtbalk in die koelte sodat die oortollige water afdrup. Moet die vel egter nie 'n winddroë lagie aan die binnekant laat ontwikkel nie, want dit sal verhoed dat die sout penetreer.

Bedek 'n gebied groter as die oppervlakte van die vel op die soutput se blad met 'n 10-mm-laag sout. Lê die vel met die haarkant na onder op die laag sout neer en trek dit behoorlik oop. Maak seker dat al die rande van die vel wat geneig is om in dié stadium om te krul, oopgevou word. Vryf sout met die hande deeglik in die vel in sodat alle dele van die oppervlakte van die vel bereik word. Vryf die kante wat omvou met sout oop, en vryf sout goed in alle dele in, veral by die kop en pote. Daar moet dus geen deel wees waar die rou vel aan mekaarvaskleef, soutpenetrasie verhoed en gevolglik haarverlies aan die buitekant veroorsaak. Bedek die hele veloppervlak met 'n laag sout van 10-20 mm dik. Indien meer as een vel op dieselfde dag gesout word, kan die volgende vel of velle, een op 'n slag, en met die haarkant na onder bo-op die soutlaag van die vorige vel gestapel word. Moet sout nooit meer as twee maal gebruik nie en gooi ou sout liewers weg.

Aangesien sout enige rou vel kwalik dieper as 5 mm kan binnedring, moet spesiale voorsorg by die insouting van dik velle getref word om te verseker dat die sout die haarwortels bereik en 'n behoorlike preservering bewerkstellig. Die maklikste metode hiervoor is om dik velle op 'n gelyk oppervlakte te lê, en met 'n skerp mes oorlangs snye ongeveer 10 mm uit mekaar oor die vleiskant van die vel te maak. Hierdie snye moet die vel ten minste twee derdes binnedring. Let egter daarop dat velle nie oor die hele oppervlakte ewe dik is nie en dus nie orals hierdie voorsorg verg nie. Kerf dus slegs die dik dele van die vel en verseker dat die snitte nie per ongeluk regdeur die vel gaan nie. By sommige wildsboksoorte, soos gemsbok- en elandbulle, is daar 'n uitermate dik vel oor die skof wat hierdie voorsorg noodsaak. Kameelperd-, seekoei- en renostervelle moet feitlik in hul geheel gekerf word om soutpenetrasie te bewerkstellig en die verlies van hare of die epidermis te voorkom.

Droogmaakproses

Laat die vel 12 tot 24 uur in die sout lê. Skud dan alle sout af en hang die vel oor 'n houtbalk in die koelte in 'n goed geventileerde plek om te droog.

Let daarop dat volstruis- en krokodil velle nie gedroog moet word nie, maar die looier in 'n nat, gepekelde toestand moet bereik. Dit word bewerkstellig deur sodanige velle van 'n vars laag sout te voorsien, toe te vou en stewig toe te rol. Plaas die vel in 'n nat, skoon goiingsak wat klam gehou en op 'n koel plek gebêre moet word. Hierdie tipes velle

moet weekliks oopgemaak, afgewas, met vars, nuwe sout gesout word en weer in 'n nat sak gebêre word. Die velle moet slegs klam en koel bly, nie papnat gehou word nie.

Let ook daarop dat velle met spesiale sorg in 'n tropiese klimaat, of ten tye van aanhoudende nat weer gedurende die somermaande, drooggemaak moet word. In sulke toestande sal velle gedurende die dag droog word, maar gedurende die nag weer papnat word as gevolg van die hoë lugvogtigheid en die higoskopiese eienskappe van sout. Dit hou die gevaar in dat bakterieë selfs in dié sout toestand skade aan die vel kan aanrig. Die grootste gevaar in hierdie toestande is 'n pienk fungus wat op 'n vel kan begin groei en dit ruïneer.

Ten einde hierdie probleem die hoof te bied, word allerlei resepte aanbeveel van chemikalieë wat by die sout gevoeg kan word om dit te voorkom. Wanneer 'n mens egter met chemikalieë begin eksperimenteer en nie 'n grondige kennis daarvan het nie, hou dit 'n groter gevaar in as deur dit nie te gebruik nie. Daar bestaan geen kitsoplossing vir die probleem nie en talle jagtrofee gaan jaarliks tydens nat weer en in tropiese klimaatstoestande as gevolg van swak behandeling verlore.

Die mees effektiewe oplossing vir die probleem is om te poog om die vel so spoedig moontlik droog te kry en dit dan in 'n droë plek te berg. Hang dus die velle bedags uit, maar bedek hulle snags met 'n seil of bêre hulle binnenshuis weg van enige vog af. Herhaal die proses totdat die velle droog is. Bêre dit nou in 'n droë plek. 'n Buikiekamer sal nie hiervoor geskik wees nie tensy dit goed seël en vog onthou. Om die lug uit te droog en die droogproses te bespoedig, kan 'n verwarmers in 'n vertrek aangeskakel word, of 'n vuur kan eenkant, weg van die velle af, gemaak word.

Voordat die vel heeltemal droog is, moet dit opgevou word om voumerke te kry sodat die vel nie kraak wanneer dit in 'n droë vel vou nie, want dit kraak en word beskadig. Plaas die nat vel met die haarkant na bo en vou die snykante na die middel toe sodat dit in die middel oor die lengte gevou word. Groot velle kan nog een keer in die middel oor die lengte gevou word. Trap elke vou goed met die voet plat sodat dit 'n netjiese plat vou vorm. Begin nou by die kop en nekdeel en vou die vel in die breedte op tot die verlangde grootte. Trap die voue weer goed plat. Die resultaat is 'n netjies gevoude vel, met hare aan die binnekant waar dit beskerm is teen skawing tydens vervoer. Die naam- of nommerplaatjie behoort aan die buitekant van die gevoude vel sigbaar te wees. Die vel kan nou weer oopgevou word om dit goed te laat droog.

Berging


Sprinkle gifpoeier oor beide oppervlaktes van die vel. Vou die vel op dieselfe merke op en berê dit in 'n geskikte pakkamer in droë toestande weg van honde, rotte en insekte af.

Skouermonterings

Die afslag en bewerking van 'n kopvel (masker) vir 'n skouermontering verg meer aandag en vernuf as dié van 'n gewone lyfvel. Kopvelle is meestal onvervangbaar, vorm die belangrikste deel van skouermontering en moet dus korrek hanteer word om dit vir 'n montering te kan gebruik.

Daar moet voorsorg getref word dat die wildsbok se keel nie afgesny word nie, en wanneer die binnegoed verwyder word, dat die snit oor die pensdeel nie te ver verleng word dat dit tussen die voorbene verby strek en sodoende die kopvel beskadig nie.

Skets Trofeeslag 3



Snitte

Maak hoofsnitte D, E en F aangedui. In die geval van diersoorte met maanhare soos bontkwaggas en swartwitpense, moet snit D direk langs die maanhaar gemaak word. Indien dit in die maanhaar gemaak word, verhoed dit dat dit netjies toegewerk kan word wanneer dit gemonteer word. Daar moet ook sorg gedra word dat snit D by diersoorte sonder maanhare of merke wat die middellyn bo-op die nek aandui, presies in die middel langs die bokant van die nek af gemaak word. Snit D vorm 'n "V" bo-op die kop na elke horingbasis toe, waarna snit G rondom die horings gemaak word om die vel en horings presies van mekaar te skei. Maak dus seker dat hierdie snit gemaak word presies waar die vel en die horings mekaar ontmoet.

By renosters, seekoeie en die varktipes moet hoofsnit D verkieslik onder die nek gemaak word sodat dit die onderlip in twee verdeel. Die snit kan wel by hierdie diere ook bo-op die nek gemaak word, maar praktiese probleme kan dan

ondervind word om die kopvel oor die horing van die renoster te kry, of om dit van die skedel van 'n vlakvarkbeer met groot tande te verwyder.

Afslagoproses

Begin die vel afslag vanaf die punt waar snit D en E mekaar bo-op die skouer ontmoet. Die voorbene word nou tot by snit F uitgeslag, en uitgetrek. Slag nou die skouers en nek uit. Maak seker dat so min vet en vleis as moontlik aan die vel agterbly. Sny die ore se kraakbeen teenaan die skedel af. Hiervandaan moet daar baie versigtig te werk gegaan word. Sny die ooglede aan die binnekant los en slag die vel versigtig om die horings los. Dop die vel om terwyl die gesig afgeslag word en sny die lippe aan die binnekant teenaan die tandvleis los. Sny die neuskraakbeen af waar dit aan die been vasgeheg is. Die kopvel behoort nou los te wees, maar indien dit nie is nie, kyk waar dit nog vas is en slag dit daar los. Verwyder alle los vet en vleis van die vel. Plaas die vel op 'n tafel of enige skoon plek, want nou begin die meer tydrawende en belangrikste deel van die slagproses.

Lippe: Nadat die kopvel van die dier verwyder is, vorm die lippe 'n dik, geslote deel tot waar dit teen die tandvleise losgesny is. Dit verhoed soutpenetrasie en bewerkstellig gevolglik haarverlies aan die buitekant.

Om dit te verhoed, moet die binnelipvel van die buitevel losgeslag word tot by die rand van die lip, soos vir katte en ander roofdiere onder "Plat lyfvelle".

Neus: Slag die neus af soos vir katte en roofdiere onder "Plat lyfvelle" beskryf is.

Ore: Die ore moet omgedop word deur op dieselfde wyse te werk te gaan soos vir katte en ander roofdiere onder "Platlyfvelle" beskryf is.

Slag eers die vleis aan die oorbasisse van die buitevel weg en gaan voort totdat die oor bereik word by the punt waar slegs die buite-oorvel en kraakbeen aan mekaar vas is. Hiervandaan kan die kraakbeen en buite oorvel van mekaar geskei deur middel van 'n vinger, 'n ou skroewedraaier, die agterkant van 'n lepel of deur dit van mekaar los te slag tot by die punt van die oor, wat ook al die maklikste sal wees. Skei die buite-oorvel en kraakbeen tot op die rand en tot in die punt, trek dan aan die kraakbeen en dop die oor sodoende om. Nadat die ore omgedop is, moet die rante nagegaan word en behoorlik tot op die kant van die oor losgeslag word. Moet egter niks van die kraakbeen by die oorbasis afsny nie. Nou is die kopvel gereed om gesout te word.

Merk

In hierdie stadium moet die kopvel reeds 'n nommer- of naamplaatjie gemerk word sodat die trofee nie met dié van 'n ander kliënt verwar kan word nie. Heg die plaatjie vas waar snit E oor die borsbeen gegaan het, met ander woorde tussen die voorbene aan die rand van die vel.

Souting

Was die kopvel eerstens op dieselfde wyse as wat by plat lyfvelle beskryf is sodat die bloed en alle vuiligheid ewerwyder word. Maak seker dat alle bloed deeglik uit die hare gewas word. Nadat die water afgedrup het, word die velle op dieselfde wyse as by plat lyfvelle gesout en verder behandel. Vryf die sout deeglik in en maak seker dat alle dele bereik word, veral by die lippe, neus en ore. Maak seker dat die kante van die nat vel wat geneig is om toe te vou, oopgevou en behoorlik gesout word. Droog, vou en berg hierdie velle nou net soos vir plat lyfvelle beskryf is.

Volmonterings

Die afslag van velle vir volmeterings verskil in 'n mate van die afslag van plat velle omdat dit by volmonterings altyd in gedagte gehou moet word dat so min moontlik snitte by die voltooide montering sigbaar moet wees. Daar mag ook geen deel van die vel verwyder of afgesny word nie.

Snitte

Lê die dier op sy rug neer en maak hoofsnit A vanaf die punt van die borsbeen al langs die penis en skrotum verby, tot by die punt van die stert. Slegs by die katsoorte en ander roofdiere word hierdie snit soos by die afslag van plat lyfvelle verleng deur die middel van die onderkant van die nek tot deur die middel van die onderlip.

Snitte B en C begin hier by die basis van die kloutjies aan die agterkant van die poot. Volg nou die agterkant van die been tot by die hak en polsgewrig, en swaai dan stelselmatig na die binnekant aan die been sodat die snitte regoor mekaar by snit A aansluit. By katte en ander roofdiere word snitte B en C gemaak net soos dié wat onder "plat lyfvelle" bespreek is.

By alle diere met horings moet daar ook 'n snit D gemaak word op 'n soortgelyke wyse as wat vir skouermonterings beskryf is. Die snit kan vanaf die "V" by die basis van die horings op die agterkop slegs ver genoeg langs die bokant van die nek verleng word totdat dit moontlik is om die kop met die horings, nadat die kop afgeslag is, deur hierdie snit in die vel te verwyder. Dit hoef dus nie noodwendig so lank soos by skouermonterings gemaak te word nie.

Afslagproses

Die afslagproses geskied op dieselfde wyse as by plat lyfvelle en kopvelle gekombineerd. Die kloue van roofdiere word uitgeslag soos wat by plat lyfvelle beskryf is. Sien ook die gedeelte oor die afslag van pote vir die behoorlike hantering van kloue en hoewe.

Merk

Merk die vel in hierdie stadium soos by plat lyfvelle (direk langs die stert) vir latere identifikasies.

Souting

Was die vel behoorlik in koue water, laat dit goed afdrup in die koelte en sout dit net soos in die geval van plat velle in. Droog, vou en berg die vel nou soos by plat velle beskryf is.

Matmonterings

n Matmontering, of “rug mount” soos dit op Engels bekend staan, is ‘n algemene montering van slegs die kop van die dier - met die bek oop - vas aan die res van die vel. Die vel word gelooi en dat in sy geheel op ‘n kleurvilt van die kliënt se keuse gemonteer.

Vir hierdie soort montering by katte en ander roofdiere word die vel net soos vir ‘n plat lyfvel afgeslag. Die kop word in hierdie geval ook afgeslag soos onder “Platlyfvel afgeslag” beskryf is. By die afslag van die oë, ore, lippe en neus moet dieselfde sorg as by plat lyfvelle en skouermonterings gedra word.

Let egter veral op die noukeurige versorging van die binnekant van die bolip waar die haarwortels van die snorbaarde aan die binnekant van die vel voorkom.

Dié velle word op dieselfde wyse as plat lyfvelle gemerk, gesout, gedroog en geberg.

Moenie die skedels laat verlore raak nie. Hanteer die skedels soos in “Skoonmaak van skedels” beskryf word en bêre hulle op ‘n veilige plek.

Die behandeling van horings en skedels

Die behandeling en versorging van horings en skedels verg baie meer aandag en sorg as wat die meeste mense dink.

Alle skedels moet deeglik skoongemaak word. Die normale gebruik is om ‘n stuk van die skedel af te saag en die res dan in ‘n pot of ander houer te kook totdat die vleis van die bene afval. Teen hierdie tyd disintegreer die been egter reeds, en die skedel val uitmekaar wanneer dit skoongemaak word. Dit is ‘n verkeerde manier wat ‘n mens baie hoofbrekens sal besorg.

Dit word aanbeveel dat die skedel nooit gesaag word nie. Verwyder slegs die onderkaak en maak die hele bodeel van die skedel op so ‘n wyse skoon dat geen deel daarvan verlore gaan nie; selfs nie eens die tande nie. Deur hierdie mate van sorg aan die dag te lê, leer persone in ‘n onderneming die gewoonte aan om skedels nie te beskadig nie. Dit is van onskatbare waarde wanneer jagters uit sommige van die Europese volke as kliënte hanteer word. Die Europeërs heg baie waarde aan slegs ‘n horingmontering op ‘n skild. Deur die skedel in sy geheel te bewaar, sal die langneusmontering, volskedelmontering (waarvan nie eens ‘n tand verlore is nie) of gewone kortgesnyde montering almal moontlik wees. Bewaar die siel van daardie persoon wat die skedel van ‘n trofee van ‘n Europese kliënt beskadig, want hy gaan groot probleme in die gesig staar en baie kritiek moet verduur.

Deur die skedel in sy geheel te bewaar, word die taak van die taksidermis by die versorging van ‘n skouermontering ook vergemaklik. Elke taksidermis sny die skedel vir ‘n skouermontering teen ‘n ander hoek en sal verkies dat hy die hele skedel vir die doel ontvang sodat hy dit self kan sny.

Merk van horings

Merk die horings onmiddellik nadat die vel verwyder is en voordat die skoonmaakproses begin. By sommige wildsboksoorte kan die merkplaatjie met sukses aan die horing vasgemaak word sonder dat dit na die punt sal afskuif. By ander soorte soos steenbokke, wildebeeste en buffels is dit onmoontlik om ‘n plaatjie behoorlik om die horing vas te heg. By hierdie soorte moet die plaatjie verkieslik op ‘n geskikte plek aan die skedel vasgeheg word.

Skoonmaak van skedels

Sny alle vleis wat moontlik verwyder kan word, van die skedel af weg, en verwyder dan die tong. Verwyder ook nog reeds die onderkaak, behalwe in die geval van kat-en ander roofdierskedels. Die harsings moet in hierdie stadium ook reeds verwyder word deur dit goed met 'n stok deur die rugmurgopening (foramen magnum) te roer. Gooi water in en roer weer gou. Krap dan die los harsings uit. Tap weer water in, roer weer goed en skud die harsings deur die opening uit. Die breinholte kan baie effektief op hierdie wyse skoongemaak word. Dit is belangrik dat die harsings nou reeds verwyder word, want dit bevat baie vet wat in die been intrek wanneer dit later gekook word.

Plaas die skedel gedeelte nou in 'n plastiek emmer, of 'n ander soort houer wat nie kan roes nie, en vul dit met koue water. Die water sal gedurende die eerste dag die meeste bloed uit die skedel trek. Vervang die water ná die eerste dag met skoon water en laat die skedel 'n aantal dae daarin lê.

Die tydperk sal bepaal word deur die temperatuur in daardie stadium; warm weer sal die proses versnel. Laat die vleis as 't ware in 'n mate ontbind. Sodra 'n sekere mate van ontbinding ingetree het, kan die skedel vlugtig gekook word, maar net totdat die vleis van die been begin los kom. Let daarop dat skedels nie te lank gekook moet word nie. Deur op hierdie wyse te werk te gaan, word daar verseker dat geen bloed in die been intrek nie, en dat die skedel dus mooi wit sal bleik.

Maak seker dat die houer waarin die skedels gekook word voor elke gebruik behoorlik skoongemaak word. Vuiligheid en roes vlek die been. Maak ook seker dat die vlamme nie aan die horings oor die kant van die pot raak nie dit kan ramspoedig wees.

Indien 'n mooi, wit been verlang word, moet 'n koppie "Sodium perborate" per tien liter water gebruik word wanneer die skedels kook. Dit is in 45kg-sakkies van die meeste groothandelaars in chemiese produkte verkrygbaar. Dit is egter van die allergrootse belang dat die skedels nie te lank gekook word nie, aangesien 'n te lang kooktyd die been sal verbreek, veral by jong diere. Dit laat ook die tande van roofdiere uitmekaar bars en beskadig die horingbasisse van onvolwasse diere.

Verwydering van die horingdoppe

Ná die kookproses behoort dit moontlik te wees om die horingdoppe van koedoes, gemsbokke, blesbokke, swarwitpense en njala met gemak van die pitte te verwyder deur die horingdoppe versigtig in 'n lap in 'n skroef vas te knyp en los te wikkel. Saag die pitte nou op 'n gerieflike lengte korter sodat die horing nog met gemak in posisie vasgesit kan word. Ongeveer 'n derde van die pit moet aan die skedel gelaat word. Hierdie proses is nie noodsaaklik nie, tensy 'n mens die direkte verskeping van kliënte se trofee self hanteer, of dit later vir versending aan die taksidermis moet verpak. 'n Wildboer of jagondernemer moet dit dus nie oorweeg tensy dit onder sy toesig kan geskied nie, want daar is allerlei risiko's daaraan verbonde soos:

- Horingdoppe kan deurmekaar raak.
- Horings kan in die skroef beskadig word.
- Horingdoppe kan krimp en nie weer op die pitte pas indien die doppe nie binne 'n paar uur weer op hul eie pitte teruggeplaas word en daar deurentyd daarop gelet word dat hulle in posisie bly nie. Horingdoppe moet dus nie los van hul pitte droog word nie.
- Skedels kan beskadig word.

Verdere behandeling

Bind kat- en ander roofdierskedels se onderkake stewig in posisie aan die skedel vas. Dit verhoed dat die klein voorste snytande uitval. Maak die sekdelbeentjies wat losgekom het, met lyn aan die skedels vas sodat dit nie verlore raak nie. Doop die skedels in 'n insekgif (sien behandeling van velle teen insekte) of bestrooi goed met gifpoeier.

Berging

Berg die horings en skedels altyd in so 'n posisie in 'n pakkamer dat die vog uit die horings kan dreineer, maar nie op die behandelde velle kan beland nie.

Die bewerking van pote

Pote wat nie ordentlik uitgeslag en met sorg behandel word nie, is nutteloos. Ontbinding tree maklik in, wat, afgesien van die reuk, meebring dat die kloutjies afval. Dit is belangrik dat die lengte van die poot volgens die keuse van die kliënt gesny word. Dit sal deur sy oogmerk daarmee bepaal word.

Olifant-, renoster- en seekoeipote

Hierdie pote kan uitgeslag word sonder om dit aan die agterkant oop te sny, maar om baie moeite te spaar, is dit raadsaam om dit tog agter tot op die voetsool oop te sny en dit dan uit te slag. Maak doodseker dat die pote tot by die laaste beentjie in die toon uitgeslag word. Alle vleis en vet moet tot op die voetsool verwyder word. Sout dit nou goed, vou dit toe en droog dit in die koelte. Laat dit eerder aan 'n taksidermis oor om die pote in 'n natuurlike vorm te droog as om self te probeer doen.

Bontkwagga-, buffel- en wildsbokpote

Sny die agterkant oop tot aan die basis van die hoewe waarna die bene met alle vleis en vet tot by die laaste beentjies in die hoewe verwyder word. Sout goed en droog in die koelte.

Katte en ander roofdiere

Omdat die pote van hierdie diere in alle gevalle deel uitmaak van die trofee of die kliënt dit net as 'n plat vel wil behou, as 'n matmontering wil laat bewerk, of ten volle wil laat monteer, moet die pote korrek afgeslaag en behandel word. Hierdie pote word nie van die vel losgesny nie, maar maak meestal deel daarvan uit.

Die snit is die verlenging van snitte B en C wat in hierdie stadium reg agter die poot die kussing in die helfte verdeel. Die snit hou aan die voorkant van die kussing onder in die holte tussen die voorkant van die kussing en die tone op. Slag die poot af deur die vel om te dop en elke toon versigtig uit te slag tot waar die laaste toonbeentjie aan die nael vasgeheg is. Sny die vel daar los en verwyder die oortollige vet, vernameelik die weefsel aan die binnekant van die kussing. Slag die vel om die naels goed los sodat die sout alle dele kan bereik, maar moenie die naels verwyder nie.

In hierdie omgedopte toestand moet die poot goed gesout word. Vryf die sout in alle dele in. Die poot kan so omgedop gedroog word, of dit kan teruggedop en vol sout gestop word. Dit neem gewoonlik langer om te droog as die res van die vel. Dit is raadsaam om 'n bietjie gras of strooi in die poot te druk sodat dit behoorlik lug kry en vinnig kan droog word.

Klein soogdiere

Hoewel daar by klein soogdiere verskeie slagmetodes aanbeveel word, gaan al die verskillende metodes nie hier bespreek word nie. Dit sal net verwarring veroorsaak en is nie vir die wildboer of safari-ondernemer van soveel belang nie.

Die mees algemene afslagmetode wat by klein soogdiere toegepas word, is dié soos vir volmonterings van katte en ander roofdiere beskryf is. Snitte word op dieselfde wyse gemaak, maar 'n kleiner mes met 'n skerp punt vergemaklik die afslagwerk by klein soogdiere. Daar moet egter baie meer sorg gedra word dat die vel nie stukkend gesny word nie omdat 'n mens hier baie fyner te werk moet gaan.

Slag die lyfvel af soos wat onder "Plat lyfvelle" vir die katsoorte beskryf is. Moenie die tone versnipper nie, maar maak die snit onder die voet net soos by roofdiere. Slag en bewerk die kop ook net soos by katte. Merk, sout, droog en berg die vel net soos by "Plat lyfvelle" beskryf is. Dit is uiters belangrik dat die skedel bewaar word. Baie taksidermiste benodig die skedel vir vol- of matmonterings. Versorg die skedel soos onder "Behandeling van skedels" beskryf is. Klein soogdiere kan natuurlik ook 'n redelik tydperk bevries word en in 'n bevriesde toestand aan die taksidermis gelewer word.

BEHANDELING VAN VELLE TEEN INSEKTE

Daar is vandag talle insekmiddels op die mark en nuwe produkte maak steeds hul verskyning. Dit word dus aanbeveel dat die naaste handelaar in hierdie produkte geskakel of besoek word ten einde 'n geskikte produk te bekom. Persoonlik word Karbapoeier van Effekto, wat uit 'n houër met 'n deksel soos 'n peperpot effektief toegedien kan word, verkies.

Die belangrikste punt wat hier in gedagte gehou moet word, is dat sommige vloeibare gifstowwe 'n nadelige uitwerking op die looi van 'n vel kan hê. Moet dus nie gifstof op 'n nat vel toedien nie. Moet ook nie velle in gifstof dompel voordat die nodige professionele kennis oor die gifstof sowel as die metodes wat gevolg moet word, bekom is nie. Moet nooit formalien op enige plek en in enige stadium vir produkpreserving gebruik nie. Die geringse mate van aanraking met formalien ruïneer 'n vel. Indien 'n mens verplig word om natriumfluorosilikaat te gebruik moet dit onder toesig, baie flo, en in 'n verhouding van 1:5000 (veeartsenykundige voorskrif) gebruik word. Onthou dat in alle gevalle waar 'n oplossing vir die dompeling van rou velle gemaak word, daar tien present sout gevoeg moet word by die volume water wat gebruik word (0,5 kg sout per liter water is veilig).

Voorskrifte en vereistes van owerheidsinsansies maak nooit hiervan melding nie, maar skryf slegs die verlangde chemikalieë voor. Indien velle langer as 'n uur in 'n soutlose oplossing gedoop word, kan bakterieë groei en die vel ruïneer. 'n Oplossing sonder sout laat velle swel, open dus die haarsakkies, versnel die groei van bakterieë en versnel die gevolglike haarverlies. Alle velle wat 'n tyd lank in 'n vloeistof gedoop was, moet weer oorgesout en gedroog word net soos by 'n pas afgeslagte vel, wanneer dit uit die oplossing kom. Die dompeling van rou velle is dus uiters riskant en dié metode van insek- of virusbestryding moet slegs toegepas word in gevalle waar dit vereis word. Elke keer dat 'n rou vel natgemaak word, vermeerder die moontlikheid van haarverlies.

Die veiligste metode van insekbestryding is om die pakkamer altyd skoon te hou, nooit stukkies rou vleis of vet te laat rondlê nie, en die vloer en rakke gereeld met Karbapoeier te bestrooi. Nadat dit droog is, en net voor dit finaal toegevou word, moet elke vel oral aan weerskante liggies met Kabapoeier te bestrooi. Nadat dit droog is, en net voor dit finaal toegevou word, moet elke vel oral aan weerskante liggies met Karbapoeier besprinkel word. Herhaal die proses maandeliks. Raak ontslae van oorbodige rou velle. Dit lok net insekte en vorm 'n skuilplek vir rotte. Die vernaamste insekte wat 'n gevaar vir jagtrofee inhou, is die gewone velkewers (*Dermestes spp.*) en motte waarvan die larwes in die hare van velle voorkom en dit beskadig. Hierdie soorte insekte is egter maklik om te bestry, soos hierbo beskryf.

Lesing 7

Suid-Afrikaanse Meetsisteme

Opgestel : Konfederasie van Jagters van Suid Afrika

Na lang oorweging en behoorlike beredenering het die Konfederasie van Jagtersverenigings van Suid-Afrika (CHASA) genoegsame gronde gevind ten einde aan ledeverenigings aan te beveel dat 'n eg Suid-Afrikaanse meetsisteem ontwikkel behoort te word.

Die gedagte is heelhartig deur alle ledeverenigings aanvaar en op 7 November 1986 is 'n sub-komitee deur CHASA aangewys met die opdrag om 'n voorlegging voor te berei oor 'n metode van meting wat deur die ledeverenigings gevolg kan word.

Daar was behoorlik aan alle aspekte rakende so 'n sisteem aandag geskenk met die volgende riglyne as basis: Dit moet 'n eg Suid-Afrikaanse karakter hê deur in alle opsigte aan ons behoeftes te voldoen; dit moet 'n eenvoudige en maklik verstaanbare sisteem wees wat die moontlikheid van persoonlik interpretasies uitskakel en sodoende die grootste mate van akkuraatheid bewerkstellig; daar moet sodoende die grootste mate van akkuraatheid bewerkstellig; daar moet kontinuïteit in die sisteem wees deurdat die neergelegde vorm in sy geheel moet bly voortbestaan sonder voortdurende wysigings daaraan.

Ten einde die sisteem op 'n hoë vlak te kan bedryf sal afmetings alleenlik deur behoorlik toegeligte amptelike meters wat deur ledeverenigings aangewys en deur CHASA goedgekeur en opgelei is geneem mag word.

Hierdie handleiding is dus in eenvoudige, verstaanbare geïllustreerde terme saamgestel om die sisteem aan enige belangstellende maklik verstaanbaar te maak. Dit is ook saamgestel as 'n verwysing vir amptelike meters ten einde hulle in hul taak te help, naamlik, om 'n eenvormige metode te volg tydens die beoordeling van alle Afrika spesies en sodoende te verseker dat hierdie sisteem deurentyd 'n hoë vlak van rekordhouding sal verseker.

ALGEMENE REËLS EN INLIGTING:

1. Die meting vir die doel van registrasie van trofeeë mag alleenlik deur amptelike meters soos deur CHASA aangewys hanteer word.
2. Amptelike meters moet opleiding ondergaan ten einde hierdie meetsisteem korrek te kan vertolk asook in staat te wees om spesies en sub-spesies volgens verspreidingsgebiede soos deur CHASA neergelê te kan identifiseer.
3. Slegs trofeeë van Afrika-spesies wat gejag is deur lede van ledeverenigings van CHASA mag in aanmerking geneem word.
4. Opname van trofeeë in die nasionale rekordlys sal gepaard gaan met 'n registrasiefooi soos deur CHASA voorgelê.
5. Waar ou trofeeë gemeet word sal daar van die eienaar verwag kan word om die reis en akkommodasiekoste van die amptelike meter te vergoed.

6. Daar bestaan geen uitdrogingsperiode nie en trofee kan dus op enige stadium vir registrasie gemeet word.
7. Trofee wat vir die nasionale rekordlys kwalifiseer en nie in 'n amptelike kompetisie van 'n lidvereniging ingeskryf word nie sal slegs na afloop van die kompetisie volgende op die datum waarop sodanige trofee gejag is vir registrasie gemeet mag word.
8. Slegs tipiese horingformasie volgens CHASA se oordeel sal aanvaar word.
9. Slegs bestaande dele van beskadigde trofee mag gemeet word. Geen skattings sal dus toegelaat word nie. Beskadigings moet op meetkaart aangedui word.
10. Ledeverenigings sal toesien dat trofee tydens jaarlikse kompetisies gemeet, geregsitreer kan word.
11. Afmetings sal in imperiale mates geneem word tot die naaste 1/16" en 1/41"b.
12. Slegs staal maatbande en ge-ykte skale mag gebruik word.
13. Die presiese gebied waar 'n trofee bekom is moet aangedui word.
14. Slegs trofee wat die minimum afmetings en gewig soos deur CHASA neergelê ewenaar of oorskry, sal vir opname kwalifiseer.
15. Inskrywings moet op die voorgeskrewe vorm tesame met die registrasiefooi ingedien word.
16. Die inskrywing van trofee wat bestaande rekords (Nr. 1 posisie) ewenaar of oorskry, moet gepaard gaan met 'n goeie foto daarvan. Foto van die trofee alleen geneem word of kan geneem word van trofee dier met die jagter.
17. Die sagte basisse by rietbokke en rooiribbokke sal wel as deel van die horing gemeet word, mits dit teenwoordig is.
18. Hoewel dit in die vooruitsig gestel word verbind CHASA hom geensins hiermee tot die publikasie van 'n rekordboek nie.


METODE A (Algemene metode):

Hierdie meetmetode word gebruik vir meeste Afrika spesies met horings tensy waar daar 'n spesiale meetmetode bestaan.

LENGTE VAN HORING:

Afmeting word geneem al langs die voorste kurwe van die langste horing, vanaf die laagste punt van die basis op die voorkop tot by die punt (A-B).

LW: Afmeting word geneem in 'n reguit lyn oor die riwwe op horings met eenvormige riwwe (waterbokke, blesbokke, rooibokke, ens.) en maatband word dus nie in die holtes ingedruk nie. (Duiker, klipspringer, gemsbok, hartbees, ribbok, rietbok, springbok, steenbok).



Indien punt van horing gebreek of stomp afgewerk is word afmeting geneem tot by 'n punt reghoekig met die langste deel van so 'n punt. (Sien illustrasie D).

OMTREK BY BASIS:

Afmeting word geneem reghoekig met as van langste horing, so na as moontlik aan die skedel (sien illustrasie).

LW: Waar horing teen 'n skuins hoek skedel verlaat word daar dus nie 'n eliptiese afmeting geneem nie. Die kurwe van onderkant van horing word dus nie noodwendig gevolg nie.

PUNT TOT PUNT:

Afmeting word geneem in 'n reguit lyn vanaf die punt van een horing tot punt van ander (C-B).

LW: Dui aan d.m.v. 'n nota indien een horing gebreek is en hierdie afmeting dus nie bepaalbaar is nie.

POSISIE IN LYS:

Word bepaal deur lengte van langer horing alleenlik. In die geval van gelyke afmetings sal dit in volgorde van datum waarop dit gejag is gelys word met oudste afmeting eerste.

METODE B:

Hierdie meetmetode word gebruik vir alle spiraalhorings.

LENGTE VAN HORING:

Afmeting word geneem deur te begin by punt wat rif van horing op voorkop vorm. Volg rif al langs die hoogste vlak tot by die punt (A-B) of (A-C).

LW: Afmeting word om spiraal geneem.

OMTREK BY BASIS:


Afmeting word geneem soos vir Metode A.

PUNT TOT PUNT:

Afmeting word geneem soos vir Metode A.


POSISIE IN LYS:

Soos by Metode A.



METODE C:

Hierdie meetmetode word gebruik vir SUIDELIKE- EN NOORDELIKE BUFFEL, BLOUWILDEBEES, WITBAARDWILDEBEES, NYASALANDWILDEBEES EN COOKSON WILDEBEES. (Die dwergbuffel word volgens metode A gemeet).



BUITEWYDTE OF SPAN:

Afmeting word geneem tussen die buitenste wydste punte van die kurwes van die twee horings deur gebruik te maak van twee winkelhake op 'n gelyk oppervlak (A-B).

LENGTE VAN HORING:

Afmeting word geneem vanaf 'n punt wat verkry word deur die hoek wat die palm op voorkop vorm te halveer (sien illustrasie), al langs die voorste kurwe van die langste horing tot by die punt (C-D).

BREEDTE VAN PALM:


Afmeting word geneem van breedste palm by die breedste plek vanaf die agterste rand oor die kurwe van die palm tot by die voorste rand (sien illustrasie). Afmeting word geneem reghoekig met die as van die horing by daardie punt (E-F).

POSISIE IN LYS:

Word bepaal deur buitewydte of span.

METODE D:

Hierdie meetmetode word gebruik vir SWARTWILDEBEEES.



LENGTE VAN HORING:

Afmeting word begin by 'n punt bo-op die kop waar horing by vel aansluit oor die hoogste punt van die palm, al langs die buitenste silhoeet van die langste horing tot by die punt (A-B-C).

BREEDTE VAN PALM:

Afmeting word geneem vanaf die laagste punt aan onderkant van basis oor die palm tot op die hoogste punt bo-op die palm (D-B). Afmeting word dus nie noodwendig parallel met as van skedel of reghoekig met as van horing geneem nie.

PUNT TOT PUNT:

Afmeting word geneem soos by meetmetode A.

POSISIE IN LYS:

Word bepaal deur die lengte van die langste horing alleenlik.

METODE E:

Hierdie meetmetode word gebruik vir die DAMHERT.

LENGTE VAN GEWEIE:

Afmeting van albei geweie word geneem vanaf punt waar die geweie en skedel by mekaar aansluit op voorkop oor die rosette by basis al langs die voorkant van geweie tot by die punte (A-B) & (C-D).


LW: Indien die punt gebreek is word afmetings geneem tot waar breek op voorste rant waarlangs gemeet word, begin (sien illustrasie).

BREEDTE VAN PALMS:

Afmetings word geneem by breedste punt op albei palms, reghoekig met die as daarvan. Begin afmeting by die voorste rand en volg buitenste kurve van palm tot by agterste rand by inham tussen twee punt (*E-F & G-H).

POSISIE IN LYS:

Word bepaal deur die somtotaal van lengte van albei geweie sowel as breedte van albei palms deur twee te deel.



METODE F:

Hierdie meetmetode word gebruik vir KATSKEDELS.

LENGTE VAN SKEDEL:


Afmeting word geneem van lengte van skedel deur gebruik te maak van twee winkelhake op 'n gelyk oppervlak (A-B).

BREEDTE VAN SKEDEL:

Afmeting word geneem van breedste deel van skedel dieselfde wyse as vir lengte (C-D).

POSISIE IN LYS:

Word bepaal deur die somtotaal van albei afmetings.



METODE G:

Hierdie meetmetode word gebruik vir OLIFANTTANDE.

GEWIG VAN ELKE TAND (tot naaste $\frac{1}{4}$ lb)

LENGTE OP BUITEKURWE VAN ELKE TAND

OMTREK VAN ELKE TAND WAAR DIT BY TANDVLEIS UITKOM

POSISIE IN LYS

Word bepaal deur die gewig van die swaarste of enigste tand.

METODE H:

Hierdie meetmetode word gebruik vir RENOSTERHORINGS.

LENGTE VAN HORINGS:

Afmeting word geneem deur te begin waar die vel en horing bymekaar aansluit aan voorkant al langs die voorste kurwe van albei horing tot by die punte (A-B).

LW: Afmeting by punt moet geneem word tot 'n punt gelyk met die verste punt daarvan. (Sien illustrasie).


OMTREK VAN HORINGS:

Afmetings word geneem by basisse deur die onderste rand te volg waar die vel by horings aansluit (C).

LW: Hierdie afmeting is dus nie dieselfde as omtreksafmeting met betrekking tot metode A nie.

POSISIE OP LYS:

Word bepaal deur die lengte van voorste horing.



METODE I:

Hierdie meetmetode word gebruik vir KROKODIL.

LENGTE VAN SKEDEL:

Afmeting word geneem van die totale lengte van die skedel (met of sonder neusvel), met bo- en onderkaak opmekaar deur gebruik te maak van winkelhake op 'n gelyk oppervlak.

BREEDTE VAN SKEDEL:

Afmeting word geneem by breedste punt van skedel met of sonder vel, op dieselfde wyse as hierbo.

POSISIE IN LYS:

Word bepaal deur die somtotaal van die twee afmetings.

METODE J:

Hierdie meetmetode word gebruik vir VLAKVARK en REUSE BOSVARK.

LENGTE VAN TAND:


Afmeting word geneem van hele lengte van langste bo-tand al langs die buitenste kurwe. (A-B). Begin afmeting by 'n punt reghoekig met hoogste punt van rant by die basis van tand (sien illustrasie). Dieselfde geld by stomp of gebreekte punte.

LENGTE VAN TAND WAT BY TANDVLEIS UITSTEK:

Afmeting word geneem vanaf tandvleis al langs die buitenste kurwe van langste bo-tand.

POSISIE IN LYS:

Word bepaal deur lengte van langste of enigste bo-tand.



METODE K:

Hierdie meetmetode word gebruik vir die BOSVARK en SEEKOEI.

LENGTE VAN TAND:

Afmeting word geneem van hele lengte van langste onderste tand al langs buitenste kurwe.

LENGTE VAN TAND WAT BY TANDVLEIS UITSTEEK:

Afmeting word geneem vanaf tandvleis langs buitenste kurwe van langste ondertand tot by punt.

POSISIE IN LYS:

Word bepaal deur lengte van langste ondertand

Minimum kwalifiserende afmetings

Barbarynse Rooihert	24"
Basterhartbees	14 ½"
Blesbok	16 ½"
Bongo – Westelike	27"
Bontebok	14"
Bosbok – (Chobi)	14"
Bosbok – (Harnas)	12"
Bosbok – Suid-Afrikaanse	15"
Bosvark	6"
Buffel – Noord-Westelike	38"
Buffel	40"
Damhert	53 ½ pte
Dik-Dik Damaraland	2 ¾"
Dik-Dik Cordeaux	22"
Dik-Dik Guenthers	2 ¼"
Duiker – Blou	1 ¾"
Duiker – Geelrug	5"
Duiker – Rooi	2 ½"
Duiker – Suidelike Bos	4 ¾"
Eland – Livingstone	32"
Eland – Central Africa Giant	43"
Gazelle – Noordelike Grants	23"
Gazelle – Soemmerring Soedan	14"
Gemsbok	40"
Gemsbok – Beisa	30"
Gemsbok – Fraiingoer	32"
Gemsbok – Suidelike Baster	26"
Gemsbok – Westelike Baster	29"
Gerenuk – Suidelike	13"
Grysbok – Kaapse	3"

Grysbok – Tropiese	1 ½"
Hartebees – Kaapse	23"
Hartebees – Lelwel	22"
Hartebees – Lichtenstein's	19 ½"
Hartebees – Tiang	19"
Jagluiperdskedel	12 ½"
Klipspringer	4 ¼"
Kob – Uganda	21 ½"
Kob – Westelike	20"
Koedoe – Klein	27"
Koedoe	53"
Krokodil	29 pte
Lechwe – Eksotiese Rooi	27"
Lechwe – Kafue Rooi	30"
Lechwe – Rooi	25"
Lechwe – Swart	21"
Leeuskedel	23 pte
Luiperdskedel	15 pte
Maanhaarskaap (Barbary)	26"
Njala	26"
Njala – Berg	28"
Olifantbul	50 lb
Olifantkoei	12 lb
Oorbietjie	5 ½"
Puku	17"
Renoster – Swart	20"
Renoster – Wit	26"
Ribbok – Rooi	7 ¼"
Ribbok – Vaal	7 ½"
Rietbok	14"
Rietbok – Oostelike Bohor	10 ¼"
Rooibok – Angola (Swart Gesig)	21"
Rooibok – Suidelike	23 ½"
Seekoei	26"
Stitutunga – Zambesi	26"
Soeni – Livingstone	3"
Springbok	13 ½"
Steenbok	4 ½"
Swartwitpens	40"
Vlakvark	13 ½"
Waterbok – Gewone	28"
Waterbok – Rhodesië Defassa	24"
Waterbok – Sing-sing	28"
Wildebees – Blou	28"
Wildebees – Nyassaland	25"
Wildebees – Swart	25"
Wildebees - Witbaard	28 ½"

Lesing 8

Ballistieke : 'n Basiese oorsig

Opgestel deur : Abel Botha

Wat is ballistiek? Ons kan sê ballistiek is die **studie van die beweging van 'n koeël** vandat die sneller van die geweer wat die koeël afvuur, getrek word, totdat die koeël iewers tot rus kom. Ons kan hierdie studie verdeel in drie fases, naamlik :


1. Die beweging in die geweer self (**Interne ballistiek**)
2. Die beweging in die lug (**Eksterne ballistiek**)
3. Die beweging binne in die teiken, in die geval van ons jagters, meesal binne in 'n bok of ander wildsoort.

Ons gaan kortliks na elkeen van hierdie fasette kyk.

1. Die beweging van 'n koeël in 'n vuurwapen :

Voordat ons 'n studie van die ballistiek binne in die vuurwapen kan kyk, moet ons weet hoe 'n geweerpatroon of rondte lyk. 'n Patroon bestaan uit vier komponente, naamlik 'n dop (of patroondop), 'n slagdoppie, kruit en 'n punt of koeël, soos in die skets verduidelik:

Skets ballistiek 1



Wanneer die sneller van 'n gelaaide vuurwapen getrek word, slaan die slagpen van die geweer op die agterkant van die slagdoppie. In die slagdoppie is 'n

ontstekingsmengsel wat 'n vonk veroorsaak wanneer die slagpen dit tref. Agter in die patroondop is 'n klein gaatjie (in die geval van die "Boxer"- tipe slagdop), of twee klein gaatjies (in die geval van die "Berdan"- tipe slagdop). Die vonk in die slagdoppie steek dan die kruit in die patroondop deur hierdie gaatjie of gaatjies aan die brand. Wanneer kruit brand, gee dit 'n geweldige hoeveelheid gas af. Verskillende soorte kruise brand teen verskillende spoed, geweerkruit brand byvoorbeeld teen 'n baie stadiger spoed as rewolwerkruise, wat op hulle beurt weer vinniger brand as haelgeweerkruise. Hoekom is dit so?

Om te verstaan waarom **geweer** kruit stadiger moet brand as bv. 'n rewolwerpatroon se kruit, moet ons weet wat gebeur wanneer die kruit begin brand en baie gas vrystel. Waarheen gaan hierdie gas? Omdat daar nêrens plek is om heen te gaan nie (kyk na die prentjie, die kruit is "vasgekeer" in die dop), begin die gas na alle kante toe druk om uit te kom. Omdat die dop van koper, wat maklik uitsit, gemaak is, sit die dop na die sykante toe uit om die kamer van die geweer mooi af te seël sodat geen gasse verby die dop kan ontsnap nie. Die kamer van die geweer waarin die dop nou styf pas, is te sterk en die dop te dig om die gas te laat uitgaan, so watter gedeelte van die patroon kan uitgedruk word? Net die punt! Waarheen word dit gedruk? Dit kan nêrens anders heen gaan as in die loop af nie! Nou moet ons ook weet hoe lyk die loop binnekant - is dit net 'n skoon stuk pyp? Nee, dit het groewe aan die binnekant. Wanneer die punt of koeël dus in die loop gedruk word, gaan dit nie sommer maklik in die loop in gly nie, dit ondervind weerstand as gevolg van die groewe. Mens kan amper sê dit steek vir 'n baie kort tydjie vas die oomblik wanneer dit die loop se groewe tref. Wat gebeur intussen in die dop?

Omdat daar meer plek in die patroondop ontstaan het vandat die koeël in die loop gedruk is, val die druk in die dop vir 'n baie kort tydjie, maar bou dan geweldig vinnig weer op omdat die koeël "vasgesteek" het in die loop. As ons nou 'n baie vinnig brandende kruit gebruik het, mag die druk selfs soveel styg voordat die koeël in die loop af beweeg, dat die geweer kan bars. Maar daar is ook 'n ander rede waarom ons 'n stadiger kruit by gewere gebruik. Die kruit in die patroondop moet lank genoeg kan brand sodat genoeg gas gevorm kan word sodat die koeël kan bly beweeg totdat dit voor by die loop uitgaan - met ander woorde die druk moet aanhou opbousodat die maksimum spoed in die loop opgebou kan word. Wanneer 'n mens jou eie patrone herlaai, kom jy op baie interressante af - soos bv. dat vir dieselfde kaliber geweer, 'n mens minder kruit in die doppe laai vir 'n swaarder punt as vir 'n ligter punt. So sal jy dus vir 'n 150 grein punt meer kruit in die doppe laai as vir 'n 180 grein punt. Lees gerus bietjie in herlaai handboeke op oor hierdie interressante stokperdjie - let ook op na die diameters van verskillende kalibers. Die duitse kaliberbeskrywings is gewoonlik baie duidelik : 'n 7 x 57 beteken 'n koeëldeursnit van 7 mm en 'n doplengte van 57 mm, net soos 'n 9.3 x 62 'n koeëldeursnit van 9.3 mm met 'n doplengte van 62 mm het. Die Engelse kaliberbeskrywings is genoeg om die slimste mens deurmekaar te maak. So bv. het die 30-06, .308, 30-30 Winchester, 300 Winchester Magnum en nog 'n hele boel ander presies dieselfde koeëldeursnit (.308 duim of 7.62 mm), terwyl 'n .303 se koeëldeursnit normaalweg .311 duim is. (jy kry ook .303 punte wat .312 en .313 duim deursnit is!)

In **handwapens** is daar weer 'n vinnig-ontbrandende kruit nodig om die koeël in die baie kort tydjie wat dit in die loop beweeg, genoeg snelheid op te laat bou sodat dit genoeg momentum sal hê om by die teiken uit te kom.

Haelgewere het die vinnig-ontbrandendste kruit nodig, omdat haelgeweerlope geen groewe het nie en dus baie min weerstand bied aan die haelgeweerkorrels of koeël (indien 'n "loper" gebruik word). Die kruit moet as't ware soveel brand dat die korrels by die loop uitspoeg!

By haelgewere kry 'n mens vandag patrone wat met 28, 32 of 35 gram haelkorrels gelaai word. Die kruitlading en die lengte van die stukkie koperdop onder aan die dop verskil met elke bg. loodlading. So is die 32 g lading se koperdop bv. 10 mm lank en die 35 g s'n 16 mm. Die aantal korrels vir bv. SSG verskil dus ook afhangende van die loodlading., soos blyk uit die volgende tabel

Aantal loodkorrels vir 'n paar verskillende haelpatrone:

	28 gram	32 gram	35 gram	Aantal/10 g
SSG	14	16	18	5
AAA	34	38	42	12
No 3	140	160	175	50
No 7	336	384	420	120

Omdat 'n haelgeweerloop nie groewe het nie, begin die korrels reeds op 'n kort afstand van die loop af te versprei. Daarom word haelgeweerlope ge"wurg", dit beteken dat die loop van agter na voor vernou. Die hoeveelheid wurg word beskryf deur die % korrels wat op 35 m in 'n kol van 750 mm deursnit tref. So sal daar by 'n volwurg ("Full choke") loop 74% van die korrels in 'n 750 mm deursnit kol op 35 m tref, vir 'n verbeterde modifikasie ("Improved modified") 70%, Modifikasie {"Modified") 64% en 'n verbeterde silinder ("Improved cylinder") 53%.

Haelgewere se "boor" word bepaal soos die van swartkruitgewere: As daar 12 ronde loodballe uit 'n pond lood gegiet kan word, is die deursnit van die haelgeweerloop waarin die loodballe pas, 'n 12 boor haelgeweer. Netso as daar 20 loodballe uit 'n pond lood gegiet kan word, is dit 'n 20 boor haelgeweer. Die looppdikte van 'n 20 boor haelgeweer is dus kleiner as 'n 12 boor haelgeweer. Die uitsondering is 'n .410 haelgeweer, waar .410 duim die deursnit (kaliber) van die haelgeweer is.

2. Die beweging van die koeël in die lug nadat dit die loop verlaat het.

Wat gebeur met die koeël vanaf die oomblik dat dit die loop (as die geweer presies horisontaal gehou word) verlaat het? Dit begin val grond toe! Net soos 'n klip wat ons in die hand hou en skielik los, dadelik grond toe val, begin die koeël ook dadelik met dieselfde vertikale spoed as die klip, grond toe val. Om die waarheid te sê, as ons die

sneller trek van 'n gelaaide geweer wat presies horisontaal gehou word op 'n plat stuk aarde en ewe hoog as die klip, op dieselfde oomblik as wat ons die klip los, sal beide die klip en die koeël uit die geweer die aarde op presies dieselfde oomblik tref. Al verskil tussen die twee is dat die klip op jou toon gaan val en die koeël miskien 'n paar honderd meter verder die grond sal tref - maar op presies dieselfde oomblik! Hoekom? Omdat presies dieselfde swaartekrag wat die klip aftrek aarde toe om op jou toon te val, werk op die koeël vanaf die oomblik dat dit die loop verlaat. Die koeël val verder van jou af op die grond omdat dit die loop teen 'n hoë horisontale spoed verlaat, terwyl die klip teen 'n "nul"- horisontale spoed begin val. Hoe vinniger die spoed waarteen die koeël die loop verlaat, hoe verder van die loop af gaan die koeël die aarde tref. Die spoed van die koeël word natuurlik bepaal deur die hoeveelheid kruit in die dop wat 'n sekere gewig koeël moet uitstoot, sowel as die ruimte binne in die dop wat deur die gasse gevul moet word. Die vorm van die koeël bepaal die vermoë van die koeël om oor verskillende afstande minder of meer spoed te verloor as gevolg van windweerstand. Hierdie vermoë om spoed te behou oor 'n afstand, word die **ballistiese koëffisient** van die koeël genoem. Hoe kleiner die ballistiese koëffisient, hoe beter die vermoë van 'n sekere koeël om sy spoed oor langer afstande te behou.


As ons bogenoemde verstaan, sal ons dadelik sien dat ons 'n probleem gaan hê om 'n bok raak geskiet te kry as hy 'n bietjie ver van ons af staan. Hoe los ons die probleem op? Ons stel ons geweer reg in, natuurlik! Dit word gedoen deurdat ons die geweer, as ons waterpas deur die visiere of teleskoop kyk, stel sodat die loop effens skuins in die lug op wys. Omdat die meeste teleskope ongeveer 50 mm bokant die loop vasgesit word, beteken dit dat, as ons waterpas deur die teleskoop kyk, die koeël eintlik 50 mm onderkant die siglyn (dit is die waterpaslyn waar ons deur die teleskoop kyk) begin om die loop te verlaat. (Vir oop visier gewere is hierdie hoogte natuurlik minder). Omdat die geweer se loop effens na bo wys, beteken dit dat die koeël eers begin klim voordat dit begin aarde toe val (net soos ons, as ons 'n klip rereg ver wil gooi, dit skuins na bo mik en nie plat oor die aarde soos vir byvoorbeeld koei-en-kalwer-gooiery op 'n dam nie). Dit beteken verder dat die koeël die siglyn twee keer sny, eenkeer in 'n opwaartse rigting naby die loop en die ander keer in 'n afwaartse rigting op 'n ver afstand van die loop af (want, onthou, die swaartekrag werk nog altyd op die koeël). Ons stel ons geweer altyd in om die kol te tref op die ver afstand, vir bosveld toestande is hierdie afstand gewoonlik 75, 100 of 150 m en vir vlaktes 200 m, 250 m of selfs 300 m.

Eerder as om nou moedeloos te word omdat die koeël so erg val, kan ons hierdie eienskap baie goed gebruik. Omdat dit maar moeilik is om baie akkuraat te skiet op 'n ver afstand, kan ons nou besluit op watter afstand ons wil hê ons geweer moet in die kol skiet (op die ver afstand), en dan op 'n tabel (wat deur ammunisievervaardigers vrygestel word) of met 'n rekenaar program vasstel waar die koeël die siglyn die eerste keer kruis (op die nader afstand). Ons kan dan ons geweer baie akkuraat instel op die naby afstand, en dan net op die ver afstand een of twee skote skiet om te sien of ons nie 'n ekstra fyn verstelling moet maak nie. Wanneer jy jou geweer na jou smaak reg ingestel het, moet jy ook nog kyk hoeveel die koeël gaan val (of styg) op verder of nader afstande as dit waarop jy dit ingestel of ge"zero" het. Hierdie baan van die koeël noem ons die **trajek** van die koeël en elkeen behoort die trajek van sy geweer se koeël te ken (vir elke gewig koeël waarmee hy gaan skiet) anders kan jy nie raakskiet op afstande verder of nader as die afstand waarop jou geweer ingestel is nie. Die hoeveelheid wat 'n koeël val oor 'n sekere afstand, word bepaal deur die spoed, die

massa van die koeël en die vorm van die koeël (wat sy ballistiese koëffisient bepaal). Verder sal vir dieselfde kaliber, 'n koeël met 'n swaarder massa op die verder afstand dikwels vinniger trek as 'n ligter koeël, selfs al is die **trompsnelheid** (die snelheid by die loop) van die ligter koeël hoër. Dit is omdat die swaarder koeël meer momentum het as die ligter koeël. (Dink bv. aan twee vragmotors, 'n kleintjie wat leeg is en 'n grote met 'n vol vrag wat op die bokant van 'n bult gelos word om vry te loop na onder - die swaarder vragmotor sal baie verder en vinniger hardloop as as dit eers op spoed is die ligter een.) 'n Trajek word in die skets hieronder getoon van 'n 7 x 57 geweer wat op 169 meter ingestel is. Waarom op so 'n snaakse afstand?

Hierdie trajek is van my eie geweer se koeël. Ek is nie vreeslik slim nie en ek kan nie baie goed onthou nie. Daarom moes ek 'n ander plan maak om darem nog altyd raak te skiet. Ek het toe besluit dat ek nie sal omgee om op 'n rooibok of 'n koedoe so 'n 50 mm hoër of laer te skiet as die plek waarna ek gemik het nie (ek skiet gewoonlik na die hart-long area) - dit sal tog nog altyd 'n doodskoot wees (want hierdie bokke se vitale organe is 'n groter oppervlak as 'n 100 mm kol). Ek het ook besluit dat die meeste skote wat ek skiet, nader as 200 meter is. Ek het toe op die rekenaar gaan kyk op 'n program met die naam van "Chrony", en gesien dat as ek my geweer instel om op 169 m in die kol te skiet, ek vanaf die loop tot op 200 meter niks hoër as 56 mm bokant en niks laer as 56 mm onderkant die plek waarna ek gemik het, sal skiet nie. Verder het ek gesien dat as ek my geweer op 27 meter instel om in die kol te skiet, dit op 169 meter ook in die kol sal skiet. As ek sien dat dit lyk asof die bok verder as 200 meter is, moet ek nie skiet nie of anders op die bok se ruglyn mik. As ek my afstand hopeloos onderskat het, sal ek onderdeur die

Skets Ballistiek 2



bok skiet. As ek dit hopeloos oorskat het, sal ek bo-oor die bok skiet - en sodoende nie die bok kwes nie (Kyk op die trajek hoeveel die koeël op 300 m en 400 m val). Die meeste mense kan darem bepaal of 'n dier nader of verder as 200 meter ver is. Kyk

bietjie mooi na die skets en onthou dat, as jy byvoorbeeld 'n slang op tien tree wil skiet, jy omtrent 35 mm **bokant** sy kop moet mik om hom in die kop te skiet!

As ons 'n nuwe teleskoop op die geweer sit, moet ons natuurlik die geweer eers "bore-sight" sodat ons nie so baie patrone hoef uit te skiet met die instellery nie. Dit beteken dat ons die teleskoop vassit op die geweer met die teleskoopmonterings, maar nie die skroewe heeltemal styf vasdraai nie. Ons haal die slot van die geweer uit en, terwyl ons die geweer (behoorlik beskerm natuurlik) vasklamp in 'n bankskroef of "accurest", of selfs net vaswoel in 'n kussing sodat dit doodstil lê, kyk ons deur die loop na 'n kol op 'n afstand van ± 25 m (as jy die trajek van jou koeël ken soos hierbo beskryf, is die ideale afstand natuurlik daar waar die koeëlbaan die siglyn die eerste keer sny - 27 m op die voorbeeld). Wanneer ons nou, sonder dat die geweer beweeg, deur die teleskoop kyk, behoort die kruishare nie baie ver van die kol af te wees nie. (Indien dit baie ver uit is, beteken dit dat ons die verkeerde teleskoopmonterings gebruik het of dat ons die monterings dalk nie reg vasgesit het nie.) Nou kan ons die monteringskroewe styf vasdraai en met die op- en afstelskroewe op die teleskoop die vertikale verstelling doen en met die links- en regs stelskroef, die horisontale verstelling. Wanneer die kruishaar presies in die middel van die kol is, kontroleer ons of die kol ook nog deur die loop mooi in die middel is. Nou is die geweer ge'bore-site" en kan ons die fyn verstelling op die skietbaan gaan doen soos bo beskryf. Die meeste teleskope se verstelling is sodanig dat dit vir elke 4 "klieks" van die stelskroef, 1" (of 25.4 mm) verskuif op 100 m, m.a.w. om 25.4 mm op 50 m te verstel, moet ons die stelskroef 8 klieks stel. Mens kry natuurlik ook deesdae 'n "bore-sight" apparaat wat jy net voor in die loop inskroef of magneties aanklamp wat baie makliker werk maar dit nie so naby instel as bg. manier nie.

Wat beteken die syfers soos bv. 4 x 32 of 3-9 x 40 wat op die teleskoop verskyn ? Die eerste getal is die vergroting, hier dus 'n 4 x vergroting of 'n verstelbare 3 x tot 9 x vergroting. Die tweede getal is die veldwydte op 100 m - dus kan jy 32 meter of 40 m horisontale wydte "inpas" in jou teleskoop op 100 m afstand

Onthou dat, by oop visier gewere met 'n verstelbare agterste visier, mens die visier **in** die fout in stel - dit wil sê as die geweer te links skiet, stel jy die agterste visier na links.

3. Die beweging van die koeël binne in die teiken

Om te weet hoe die koeël vanuit ons geweer binne in die teiken (in ons geval die dier waarna ons skiet) gaan beweeg, moet ons altyd probeer om die koeël uit die dooie dier te herwin wanneer ons afslag. Omdat ons nie binne in die dier kan sien nie, moet ons na die koeël kyk om te sien hoe dit lyk wanneer dit die dier klaar doodgemaak het. Aan die vorm van die koeël en die massa of gewig (gewoonlik druk ons dit uit as 'n persentasie van die oorspronklike gewig) van die oorblyfsel van die koeël kan ons sien hoe goed die spesifieke soort koeël sy werk gedoen het. Wanneer sal 'n koeël die beste sy werk kan doen?

Eerstens moet op sg. sagtevel wild ("soft-skinned game") die koeël baie mooi omklink **binne in die dier** - die vorm daarvan moet amper soos 'n sampioen lyk. In Engels praat hulle dan ook van "mushroom" as die perfekte vorm wat 'n koeël moet aanneem binne in die dier. Hoekom nou juis so 'n vorm? Omdat die kalibers van ons jaggewere

maar klein is en dus nie 'n baie groot gat in 'n dier sal maak nie, wil ons dit graag binne in die dier laat groter word sodat dit 'n groter gat deur die dier kan maak om meer skade aan te rig en ook 'n beter bloedspoor te laat as die skoot nie 'n doodskoot was nie. Daarom is die meeste jagkoeëls gemaak van 'n koperdop buite om (om dit in die loop te beskerm sodat dit nie sal vervorm van die hitte nie en om beter deur die lug te trek) met lood binne in die koeël om te kan vervorm as dit iets hard soos 'n dier se bene ens. tref. Ons wil ook hê dat die koeël so swaar as moontlik moet bly binne in die bok in een stuk, wat dan sal dit die meeste energie aan die bok oordra. Ons wil ook nie hê dat die koeël deur die bok moet trek nie, want dan bly die energie nie alles in die bok agter nie, en tweedens kan ons dalk 'n dier agter die een waarna ons mik, ook doodskiet of kwes, wat baie probleme en koste kan veroorsaak.

Op gevaarlike wild met harde bene soos bv. 'n buffel, wil ons weer 'n koeël gebruik wat nie sal platslaan of opbreek teen die dier se vel of die eerste harde been wat dit teëkom nie - daar sal ons dus 'n baie harde tipe koeëlpunt soos bv 'n monolitiese punt ("monolithies" beteken dat die hele punt uit een metaal gemaak is, gewoonlik 'n allooi, wat op 'n draaibank gedraai word) of 'n sogenaamde volmantel patroon ("full metal jacket"- 'n punt wat buite-om heeltemal van koper gemaak is, met lood wat nêrens uitsteek nie as kern). Hierdie punte het die vermoë om, omdat hulle 'n baie sterk konstruksie het, deur die vel en bene en vleis of selfs ingewande te trek om by die vitale organe uit te kom. Wees net baie versigtig wanneer jy bv. met 'n .375 H&H na 'n buffel op die dwarste skiet met 'n monolitiese punt of selfs 'n volmantel koeël - die koeël penetreer feitlik altyd dwarsdeur die buffel en as daar dan 'n buffel agter die een staan waarna jy skiet, het jy baie groot moeilikheid. Moet dus nooit met 'n monolitiese koeël of volmantel na 'n buffel in 'n trop skiet nie - veral as dit dwars na jou toe staan nie.

Die snelheid waarmee die koeël die dier tref het uit die aard van die saak ook 'n baie groot invloed op die werkverrigting van die koeël. 'n Vriend het anderdag 'n elandkoei op 230 m met 'n 7 x 57 platgetrek. Dit word algemeen aanvaar dat 'n 7 x 57 nie geskik is om 'n eland mee te skiet nie - hoekom het die elandkoei dan net daar geval? 'n PMP 170 grein 7 x 57 loodpunt sal op 50 m afstand op 'n eland se blad disintigreer, terwyl dieselfde koeël op 230 meter dieselfde eland in sy spore laat inmeekaarsak. Hoekom? Omdat die konstruksie van die PMP koeël nie sterk genoeg is om die "botsing" tussen die koeël en die eland op 50 m teen 'n spoed van 2408 vt/sek te hanteer nie - dit verpletter eenvoudig. Op 230 meter is die spoed van dieselfde koeël egter maar ongeveer 2000 vt/sek en "boor" dit teen hierdie stadige spoed in die eland in. Die vriend was dus gelukkig dat die eland so ver was en ook dat hy nie groot bene getref het nie. Hy het intussen ook slimmer geword en sal dit nie weer waag om met 'n ligte geweer na 'n eland te skiet nie.

'n Laaste faktor wat vermelding verdien, is die feit dat, op kort afstande in die bosveld, die hoë snelheid waarmee die koeël trek, normaalweg baie vleisskade veroorsaak. Daarom sal ons in die algemeen wanneer ons vir biltong of vleis jag, in die bosveld op kort afstande eerder 'n geweer gebruik wat 'n stadiger koeël skiet om vleisskade te beperk, terwyl ons op die vlaktewild weer gewere verkies wat tot hoër snelhede in staat is sodat dit op ver afstande nog genoeg spoed en dus energie sal oorhê om die bok dood te maak (die hoër spoed versak natuurlik ook 'n platter trajek). 'n Algemene norm is dat die trompsnelheid van koeël uit 'n geweer wat op bosveldwild gebruik

word, nie meer as 2500 vt/sek moet wees nie, sodat vleisskade tot 'n minimum beperk kan word. Daar word ook beweer dat 'n vinnige koeël baie makliker deur selfs 'n dun (deur die teleskoop onsigbare) grassie deflekteer kan word, maar dit is prakties baie moeilik bewysbaar.